# ProAgri

tegnologie vir die boer
technology for the farmer

No / Nr 315
ISSN 1042 - 1558

Gratis / Free

## Meer as 81 000 mense deur NAMPO 2026 se hekke

## Karoo-skilderbokstoet: Klein begin, groot gewin



VALTRAC
TRACTORS • IMPLEMENTS • SERVICE • PARTS

## ’n Valtra-trekker vir elke boer, van A tot Z

# GROOT STROPER, ENORME AANBOD




CR6.80 & CR7.90
FINANSIERING TOT EN MET PRIMA
-4%*

VERSKEIE FINANSIERINGSOPSIES BESKIKBAAR*

**PRIMA -4%** · 20% DEPOSITO · GEEN BTW TERUG

3 *JAARLIKSE* PREMIES
1ste premie 365 dae na kontrak teken

36 *MAANDELIKSE* PREMIES
1ste premie 60 dae na kontrak teken

*Bepalings en voorwaardes geld.

**Kontak jou New Holland-handelaar vandag of bel ons:**
Paul de Korte (064 752 1613) - KwaZulu-Natal, Mpumalanga
Quintus Smit (082 524 7397) - Wes-Kaap, Noord-Kaap en Oos-Kaap
Eduan Booyens (071 871 8163) - Noordwes, Vrystaat, Gauteng en Limpopo

NEW HOLLAND
SAAM JOU, SEISOEN NA SEISOEN

Vir huidige aanbiedinge besoek newhollandag.co.za

www.newholland.com/za

CNH CAPITAL
In alliance with WesBank

*Bepalings en voorwaardes geld

WesBank - 'n afdeling van FirstRand Bank Bpk. 'n Gemagtigde Finansiële Dienste en Geregistreerde Kredietverskaffer. NCRCP20

Tindrum 26/043



**Beste ProAgri-lesers,**

Nog 'n NAMPO is verby en die stof het gaan lê, maar die opgewondenheid en gesprekke wat vanjaar se skou gebring het, leef nog voort. NAMPO bly jaar na jaar die plek waar die landbougemeenskap sowel as boere en kundiges in die bedryf bymekaar kom om idees uit te ruil, nuwe tegnologie te verken en skouers te skuur met almal wat 'n passie vir landbou deel. Dit is steeds een van die hoogtepunte op die landboukalender en 'n geleentheid waarna baie mense elke jaar uitsien. Wat hierdie jaar besonders gemaak het, was – afgesien van die uitdagings wat ons tans in die bedryf ervaar, boere se positiewe gesindheid. Daar was 'n gevoel van deursettingsvermoë en hoop, ondanks moeilike omstandighede waarmee baie produsente daagliks te doen kry.

Natuurlik is dit ook altyd besonders om die indrukwekkende reeks nuwe produkte en oplossings wat deur landboumaatskappye uitgestal word, van nader te beleef. Van gevorderde presisieboerderytegnologie en slim oplossings tot nuwe trekkers, stropers en implemente wat die mark betree, staan innovasie in landbou beslis nie stil nie. Dit bly merkwaardig om te sien hoe tegnologie steeds ontwikkel om boere te help om meer doeltreffend en volhoubaar te produseer.

In hierdie uitgawe vier ons saam met Valtrac 'n besondere mylpaal. Vir 30 jaar lewer hulle reeds uitnemendheid aan die Suid-Afrikaanse boerderybedryf met die bekende Valtra-trekkerhandelsmerk. Drie dekades van betroubaarheid, diens en innovasie het Valtrac gevestig as 'n vertroude naam op plase regoor die land. Hierdie mylpaal getuig van volgehoue toewyding aan boere en die belangrike rol wat sterk vennootskappe in landbou speel. Blaai na bladsy 2 om meer oor hierdie indrukwekkende verhaal te lees.

Die landboukalender staan intussen nie stil nie. Op 5 Junie trek die jaarlikse Stroperresies weer deelnemers en toeskouers van heinde en verre, terwyl die gewilde Val Boeredag op 1 Julie plaasvind. Hierdie geleenthede bied nie net waardevolle blootstelling aan nuwe produkte en praktyke nie, maar gee ook aan boere en rolspelers die geleentheid om kennis te deel en verhoudings binne die bedryf verder te versterk.

Dit is ook bemoedigend om te sien hoe die veilingkalender weer momentum opbou. Regoor die land begin boere, telers en kopers weer by veilings bymekaar kom.

Terwyl ons die wintermaande betree, wens ons elke boer voorspoed toe met die seisoen wat voorlê. Sterkte ook aan die boere vir wie die stroopseisoen nou aanbreek.

Geniet hierdie uitgawe!

**ProAgri-groete!**
**Bianca Pretorius**
**bianca@proagri.co.za**

## Inhoudsopgawe / Contents


**Voorbladartikel**
**2. Valtrac vier 30 jaar van uitnemendheid met Valtra-trekkers in Suid-Afrika**

**Nuus**
**5. Meer as 81 000 mense deur NAMPO 2026 se hekke**

**Meganisasie**
**9. Batefinansiering: 'n Sleutel tot volhoubare groei in die landboubedryf**
**11. Taking charge, the future is Super with Scania**

**Gewasproduksie**
**13. Pioneer se 100 jaar-agronomietoer trap nuwe spore in die Vrystaat en Hoëveld**
**17. Limited offer on Rebelo super heavy bale netwrap**
**19. Praktiese aspekte van biologiese insektebestuur in makadamiaboorde in Limpopo**
**23. Weidingsbestuur deel 4: Vuur se invloed op weiding**
**27. Eetbare blomme deel 4: Laventel**

**Vee en Wild**
**31. Karoo-skilderbokstoet: Klein begin, groot gewin**


Agri4all

## Op ons voorblad

**Van kompakte wingerdtrekkers tot hoëperdekrag-werkesels, Valtrac se volledige Valtra-reeks bied 'n oplossing van A tot Z vir Suid-Afrikaanse boere. Lees meer op bladsy 2.**





**ProAgri**
Posbus 72707, Lynnwoodrif / Rossouwstraat 577
Die Wilgers, Pretoria
079-515-8708
www.proagri.co.za



Copyright © 2026. All rights reserved. No material, text or photographs may be reproduced, copied or in any other way transmitted without the written consent of the publisher. Opinions expressed are not necessarily those of the publisher or of the editor. We recognise all trademarks and logos as the sole property of their respective owners. ProAgri shall not be liable for any errors or for any actions in reliance thereon.



## ProAgri

**Redakteur tydskrif en aanlyn**
Bianca Pretorius > 082-326-2572 bianca@proagri.co.za

**Verslaggewers**
Natasha Pretorius > 083-468-2653 natasha@proagri.co.za
073-105-6938
Benine Ackermann > benine@proagri.co.za

**Taalversorger**
Martie Bester > martie@proagri.co.za

**Bemarkingsbestuurder**
Diane Grobler > 082-555-6866 diane@proagri.co.za

**Bemarkers**
Tiny Smith > 082-698-3353 tiny@proagri.co.za
Kevin Greef > 078-374-8597 kevin@proagri.co.za

**Skeppende bestuurder**
Anja Oosthuizen > anja@proagri.co.za

**Uitleg en ontwerp**
Cara Watson & Stella van Eeden

**Kliëntverhoudingsbestuurder en navrae**
Engela Botha > 084-088-0123 engela@proagri.co.za

**Rekeninge**
Ronel Schluter > accounts@proagri.co.za

**Verspreiding en intekening**
Nita Volmer-van Zyl > 079-515-8708 nita@proagri.co.za

**Sakebestuurder**
George Grobler

# Valtrac vier 30 JAAR van uitnemendheid met Valtra-trekkers in Suid-Afrika

deur Bianca Pretorius




Valtrac se verhouding met Valtra strek reeds byna drie dekades terug in Suid-Afrika. Die maatskappy is in 1996 deur Wynn Dedwith gestig nadat hy self die waarde van Valtra en Valmet-trekkers op sy plaas ervaar het. Wat as 'n passie vir betroubare, robuuste trekkers begin het, het gegroei tot 'n gevestigde nasionale verspreider van Valtra-trekkers in Suid-Afrika, met takke regoor die land en 'n sterk fokus op diens, opleiding en ondersteuning aan boere.

Valtra self dra 'n ryke Noord-Europese erfenis. Die handelsmerk se wortels lê in Finland en Swede, met die eerste Valmet-trekkers wat reeds in 1951 vervaardig is. Vandag kombineer Valtra die ingenieursvernuf van Finland se Valmet en Swede se Volvo BM, en die handelsmerk staan wêreldwyd bekend vir sy duursaamheid, brandstofdoeltreffendheid en vermoë om in die moeilikste toestande te presteer. Sedert Valtra deel geword het van die wêreldwye AGCO-groep, het die handelsmerk sy posisie verder versterk as 'n vervaardiger van uitstekende trekkers vir moderne boerdery.



By vanjaar se NAMPO-oesdag 2026 het Valtrac weereens bewys waarom Valtra 'n trekker vir elke boer bied, van kompakte, veelsydige werkesels tot hoëperdekrag-trekkers vir grootskaalse graanproduksie. Die indrukwekkende reeks op die uitstalling het gewys hoe Valtrac se Valtra-trekkers 'n van "A tot Z-benadering" volg om boere in verskillende bedrywe te bedien, ongeag die grootte of aard van hul boerdery.

## Van A tot Z: Valtrac wys waarom Valtra 'n trekker vir elke boer bied by NAMPO

By NAMPO vanjaar het Valtrac weereens sy merk gemaak met 'n indrukwekkende uitstalling van die volledige Valtra-trekkerreeks, van die kompakte A93-wingerdtrekker tot die kragtige S416-vlagskiptrekker. Die boodskap op die standplaas was duidelik: ongeag die grootte van jou boerdery of die aard van jou bedryf, Valtra bied 'n trekker vir elke boer.

As deel van die indrukwekkende trekkers wat NAMPO uitgestal het, het besoekers ook die geleentheid gehad om 'n besonderse stuk Valtra-erfenis van nader te sien, 'n 15 perdekrag (11 kW)-Valmet van 1953, een van die eerste modelle wat ooit vervaardig is. Langs dié veteraan het Valtrac ook die eerste Valtra 6400 ten toon gestel wat hulle Suid-Afrika toe ingevoer het en wat steeds op die Dedwith-plaas werk.

Die groot aandagtrekker op die standplaas was sonder twyfel die indrukwekkende S-reeks, met die



S416 aan die voorpunt. Hierdie groot meneer van die Valtra-stal bied tot 416 perdekrag (310 kW) en is ontwerp vir boere wat maksimum werkverrigting en kapasiteit benodig. Die nuwe sesde generasie S-reeks bring verskeie verbeterings mee, insluitend 'n nuwe kajuitontwerp, groter ratkaste en die opsie van 'n hidrouliese stelsel wat tot 400 liter olie per minuut kan lewer. Vir moderne implemente en groot planters waar hoë olievloei noodsaaklik is, bied dié reeks die kapasiteit wat groot boerderye vereis.



Tussen die bekende T-reeks en die groot S-reeks staan die splinternuwe Q-reeks, 'n toevoeging wat baie aandag by NAMPO getrek het. Die Q-reeks vul die gaping tussen die twee bestaande reekse perfek aan en bied krag van 260 tot 305 perdekrag (194 kW tot 227 kW). Volgens Valtrac is dié reeks spesifiek ontwikkel vir boere wat 'n groter plantertrekker benodig, maar steeds die voordeel van 'n meer kompakte raam wil hê.

Die Q-reeks lewer 200 liter olie per minuut teen 1 650 revolusies, wat teen vol revolusies tot sowat 260 liter per minuut kan verhoog. Dit maak die trekker besonder doeltreffend vir toepassings waar hoë hidrouliese vloei belangrik is. Die kombinasie van sterk werkverrigting, brandstofdoeltreffendheid en veelsydigheid maak die Q-reeks 'n uitstekende opsie vir moderne graanboere.



**As deel van Valtrac se viering van 30 jaar van uitnemendheid in Suid-Afrika, het hierdie 1952 Valmet 15, ook bekend as die "Little Valmet", trots op die standplaas gepronk. Met sy 15 perdekrag was dit Finland se eerste reeksvervaardigde Valmet-trekker, oorspronklik ontwerp om perde op die plaas te vervang. Vandag dien dié besondere trekker as herinnering aan die betroubaarheid, innovasie en werkesel-gees wat steeds in elke moderne Valtra voortleef. Hierdie skaars model, een van die oudste Valtra-afstammelinge in Suid-Afrika, behoort aan Wynn Dedwith van Valtrac.**

Die bekende T-reeks bly steeds een van die gewildste keuses in die Valtra-stal. Met modelle wat tot 235 perdekrag (175 kW) strek, bied die reeks 'n balans tussen krag, tegnologie en veelsydigheid. Die T-reeks is ontwerp om 'n ware alles-in-een trekker te wees, geskik vir plant, grondbewerking, vervoer en algemene plaaswerk.

Vir boere wat eenvoud en robuustheid verkies, bied Valtrac ook die BH-reeks aan. Hierdie trekkers, wat in Brasilië vervaardig word, deel soortgelyke groottes met die T-reeks, maar fokus meer op eenvoudige, harde werk. Die BH-reeks gebruik 'n driespoed-*powershift*-ratkas in plaas van die vyfspoedratkas van die T-reeks, wat dit 'n meer eenvoudige maar steeds uiters betroubare werkesel maak vir boere wat nie noodwendig al die gevorderde tegnologie benodig nie.

Nog 'n gewilde segment op die standplaas was die N-reeks, Valtra se grootste viersilindertrekkers. Die reeks wissel van 135 tot 175 perdekrag (100 kW tot 130 kW) en word dikwels beskryf as die kleiner weergawe van die T-reeks. Hoewel dit 'n viersilindertrekker is, deel die N-reeks steeds dieselfde kajuit, ratkas en baie van dieselfde gevorderde funksies as die groter T-reeks.

Boere kan binne die T- en N-reeks ook kies tussen die Active- en Versu-modelle. Die Active-modelle beskik oor meganiese hidrouliese beheer, terwyl die Versu-modelle standaard toegerus is met *guidance*-tegnologie, elektriese hidrouliese beheer en verdere slimboerderyfunksies. Buiten dié verskille bly die ratkaste en hidrouliese pompe tussen die modelle grootliks dieselfde, wat beteken boere kan die spesifikasie kies wat die beste by hul behoeftes en begroting pas.

Aan die kleiner kant van die spektrum het die A-reeks gewys dat kompakte trekkers steeds groot werk kan verrig. Die A93-wingerdtrekker is spesifiek ontwerp vir nouer ruimtes soos wingerde waar manoeuvreerbaarheid van kardinale belang is. Die smaller ontwerp maak dit ideaal vir spesialiteitsgewasse sonder om op werkverrigting in te boet.

Valtrac het ook die nuwe A115 bekend gestel, 'n model wat effens kleiner as die N-reeks is, maar steeds dieselfde moderne gevoel en gemak bied. Die trekker beskik oor 'n *powershift*-ratkas en 'n hidrouliese vloei van 98 liter per minuut, wat dit 'n uiters veelsydige opsie maak vir gemengde boerderye en algemene plaaswerk.


Wat duidelik by NAMPO 2026 na vore gekom het, is dat Valtra se trekkerreeks nie bloot oor perdekrag gaan nie, maar oor die vermoë om 'n oplossing vir elke tipe boer te bied. Van spesialiteitsboere en wingerdboere tot grootskaalse graan- en kleiner, kommersiële boere, elke trekker in die Valtra-stal is ontwerp met praktiese werkverrigting, bestuurdergerief en duursaamheid in gedagte.

Vanweë 30 jaar se betrokkenheid in Suid-Afrika, verstaan Valtrac plaaslike boere se behoeftes. Die kombinasie van wêreldklastegnologie , eenvoudige betroubaarheid en plaaslike ondersteuning verseker dat Valtrac- en Valtra-trekkers steeds 'n sterk en bekende rolspeler in die Suid-Afrikaanse landboubedryf bly. By NAMPO 2026 het Valtrac nie net trekkers uitgestal nie, hulle het gewys hoe 'n volledige reeks oplossings vir moderne boerdery lyk, van A tot Z.



Vir meer inligting oor Valtrac se trekkerreeks, besoek hul webwerf by www.valtrac.co.za, maak kontak met Attie de Villiers by (+27)83-261-9863 of (+27)56-817-8006, of stuur 'n e-pos aan attiedev@valtrac.co.za.





**Van kompakte wingerdtrekkers tot hoëperdekrag-werkesels, Valtrac se volledige Valtra-reeks bied 'n oplossing van A tot Z vir Suid-Afrikaanse boere.**

OORTREF VERWAGTINGE

# DIE SPLINTERNUWE 5M-REEKS




## 105-145 PK – ONGEBONDE WERKVERRIGTING VIR ELKE TAAK

Ontdek hierdie veelsydige trekker wat doelgerig ontwerp is vir die uitdagende Afrika-landskap. Met tot 145 perdekrag en indrukwekkende wringkrag uit die doeltreffende AGCO Power-enjin, lewer die MF 5M die krag wat jy nodig het om grondbewerking, saai, hooimaak, laaiwerk en veeboertake moeiteloos te hanteer.

Kies tussen die gladde Dyna-4 transmissie vir koppelaarvrye skakeling of die betroubare gesinchroniseerde opsies. Uitsonderlike wendbaarheid met ’n stywe draaikring, hidroulika tot 98 L/min en volle laaigraaf-versoenbaarheid maak dit die ideale vennoot vir produktiwiteit. Die MF 5M is gebou vir uithouvermoë met lae bedryfskoste, 400-uur diensintervalle en beskikbare slimboerdery-tegnologie vir presisie stuur leiding.

Massey Ferguson 5M: Betroubaar. Doeltreffend. Gereed vir enige uitdaging.

reddot winner 2025

[Skandeer die QR-kode vir meer inligting]

VIR MEER INLIGTING, BESOEK ONS WEBWERF OP
WWW.MASSEYFERGUSON.COM

MASSEY FERGUSON



# Meer as 81 000 mense deur NAMPO 2026 se hekke

deur Bianca Pretorius

In 'n tyd waar die landbousektor wêreldwyd onder toenemende druk verkeer, van klimaatsuitdagings en stygende insetkostes en siekte-uitbrekings het NAMPO 2026 die kollig geplaas op een kernbeginsel: veerkragtigheid. Onder die tema "Veerkragtigheid deur Innovasie" het dié ikoniese landboubyeenkoms van 12 tot 16 Mei 2026 weereens bewys waarom NAMPO NAMPO, wat jaarliks buite Bothaville plaasvind, die hartklop van landbou in Suid-Afrika bly.

Die ProAgri-span het die voorreg gehad om vanjaar weer deel te wees van die hoogtepunt op die landbou-kalender. 'n Plek waar boere, landbou-kundiges, besighede en bedryfskenners byeenkom om idees uit te ruil, nuwe tegnologie eerstehands te beleef en saam te bou aan die toekoms van die landboubedryf.

Ná nog 'n onvergeetlike week het die stof wel gaan lê, maar die energie, gesprekke en oplossings wat by NAMPO 2026 ten toon gestel en gedeel is, bevestig opnuut dat moderne landbou nie net oor oorlewing gaan nie, maar oor aanpasbaarheid, slimmer besluitneming en volhoubare winsgewendheid. Van presisieboerdery en gevorderde meganisasie tot nuwe genetika, demonstrasies, netwerkgeleenthede en internasionale deelname, NAMPO 2026 het vars energie gebring en gewys hoe innovasie die dryfkrag agter 'n sterker, meer veerkragtige landbousektor bly.

## Rekordbywoning bevestig NAMPO as grootste landboutentoonstelling in die Suidelike Halfrond

Die 59ste NAMPO Oesdag het op Vrydag 15 Mei 2026 tot 'n einde gekom nadat altesaam 81 822 besoekers oor vier dae deur die hekke van NAMPO Park gestroom het – net effens minder as die 81 945 besoekers wat in 2023 aangeteken is. Hiermee het NAMPO opnuut sy plek as die grootste landboutentoonstelling in die Suidelike Halfrond bevestig.

Vanjaar is daar ook 'n nuwe enkel-dag bywoningsrekord opgestel toe 24 579 besoekers Woensdag die terrein besoek het, grootliks aangevuur deur Toyota Suid-Afrika se poging om verskeie Guinness-wêreldrekords op te stel tydens die bekendstelling van die splinternuwe negende-generasie Hilux.

Toyota het boonop geskiedenis gemaak toe 1 545 Hilux-bakkies by NAMPO saamgetrek het in 'n indrukwekkende vertoon van handelsmerk-lojaliteit en gemeenskapsgees. Hierdie rekordpoging het besoekers van regoor die land gelok en was sonder twyfel een van die groot hoogtepunte van NAMPO 2026.

| NAMPO 2026 bywoning en syfers: | | | |
|---|---|---|---|
| Dinsdag 12 Mei | 15 886 besoekers | 39 vliegtuie | 14 helikopters |
| Woensdag 13 Mei | 24 518 besoekers | 53 vliegtuie | 40 helikopters |
| Donderdag 14 Mei | 21 963 besoekers | 73 vliegtuie | 31 helikopters |
| Vrydag 15 Mei | 19 394 besoekers | 46 vliegtuie | 15 helikopters |
| Totale bywoning vir 2026: 81 822 mense | | | |


FENDT
700 VARIO
GEN 7
STEL 'N NUWE MAATSTAF
IN DIE 200-300 PK KLAS
TRACTOR OF THE YEAR
TOTY
Winner
2025
Opgradeer van Alledaags
na Uitsonderlik!
Krag tot
303hp / 223 kW
Brandstofbesparing tot
15%
met traplose
VarioDrive-transmissie
Ontsluit as standaard:
Veranderlike Tempo
Seksiebeheer
CenterPoint
ISO Bus
Outo-koplanddraaie
SKANDEER VIR MEER INLIGTING
FENDT
5 JAAR
5000 URE
WAARBORG



**Altesaam 1 545 Toyota Hilux-bakkies het geskiedenis gemaak tydens NAMPO 2026 as deel van Toyota Suid-Afrika Motors se poging om verskeie Guinness-wêreldrekords op te stel tydens die bekendstelling van die splinternuwe negende-generasie Hilux. Die indrukwekkende skouspel het duisende besoekers gelok en was een van die groot hoogtepunte van vanjaar se skou.**



**NAMPO Park het vanjaar weer behoorlik gewemel soos duisende besoekers, boere en landboukenners van regoor Suid-Afrika en die wêreld saamgetrek het vir vier dae van innovasie, netwerkgeleenthede en die nuutste in landboutegnologie. (Fotokrediet: NAMPO Facebook-blad).**

## Innovasie, tegnologie en oplossings in die kollig

NAMPO 2026 het hierdie jaar ook bewys dat die skou veel meer is as net 'n uitstalling van trekkers en implemente, dit is 'n plek waar die geskiedenis, hede en toekoms van landbou bymekaar kom. Een van die gewilde trekpleisters was die Engen-trekkermuseum waar besoekers nostalgies kon terugdink aan die ontwikkeling van landboumeganisasie deur 'n indrukwekkende versameling ou trekkers en implemente wat oor baie jare heen deur boere en verskaffers geskenk is om landbou-erfenis te help bewaar.

Vir besoekers met 'n oog op die toekoms het die tegnologie-uitstallings beslis nie teleurgestel nie. In die meganisasie-afdeling was daar groot belangstelling in die nuutste stroper-tegnologie wat nou groter kapasiteit bied, maar terselfdertyd meer brandstofdoeltreffend werk om maksimum werkverrigting uit elke liter diesel te haal.

Nuwe modelle soos New Holland se CR10, Case IH se Axial-Flow 9 en John Deere se nuwe S7-stroper het groot aandag getrek en wys duidelik hoe vervaardigers fokus op slimmer, meer presiese en kostedoeltreffende boerdery. Hierdie vooruitdenkende tegnologie beklemtoon die toenemende behoefte aan oplossings wat boere help om onder moeilike ekonomiese toestande steeds winsgewend te bly.

## Afrikaanse boere se vernuf staan sterk

Nog 'n hoogtepunt was die Boere-planne-patentkompetisie waar Suid-Afrikaanse boere hul vernuf gewys het deur praktiese en bekostigbare oplossings vir alledaagse boerdery-uitdagings bekend te stel.

Onder die tema "Veerkragtigheid deur Innovasie" het gesprekke by vanjaar se Nasie in gesprek-paneelbespre-kings gefokus op die ekonomiese druk waaronder boere tans Nasie in gesprek-paneelbesprekings gefokus op die ekonomiese druk waaronder boere tans boer, insluitend stygende insetkoste, logistieke uitdagings en beleidsonsekerheid. Onderwerpe soos waterbestuur, die impak van bek-en-klouseer en nuwe handelsgeleenthede het ook sterk onder die vergrootglas gekom. bestuur, die impak van bek-en-klouseer en nuwe handels-geleenthede het ook sterk onder die vergrootglas gekom.



**Case IH se Axial-Flow 9-stroper het sy opwagting by NAMPO 2026 gemaak en besoekers beïndruk met sy gevorderde stropertegnologie. Die nuwe model beklemtoon die fokus op doeltreffendheid, presisie en hoër produktiwiteit in moderne graanproduksie.**



**Fotokrediet: NAMPO Facebook-blad**

## Geen diere weens BKS-beperkings

Weens uitbrekings van bek-en-klouseer (BKS) kon geen gesplete-hoefdiere vanjaar tydens NAMPO uitgestal word nie. Tog het dit nie die gees en entoesiasme by die veestalletjies gedemp nie. Verskeie genootskappe het op kreatiewe en innoverende maniere aangepas deur kunsmatige en opgestopte diere in die hokkies uit te stal om steeds die waarde van hul rasse ten toon te stel.

Met kompetisies, goeie koffie en hartlike gasvryheid het die vee-afdeling steeds 'n lewendige trekpleister gebly waar bestaande telers, belangstellendes en voornemende kopers welkom gevoel het. Dit was opnuut 'n bewys van die landboubedryf se vermoë om uitdagings met aanpasbaarheid en 'n positiewe ingesteldheid te hanteer.

## NAMPO bly die plek waar landbou bymekaarkom

Ten spyte van uitdagings soos hoë brandstofpryse en die impak van die onlangse reën op baie plase, het die sterk bywoning gewys dat NAMPO steeds die plek bly waar die landbougemeenskap bymekaar kom om idees uit te ruil, oplossings te bespreek en saam die bedryf vorentoe te neem.

Die algemene gevoel en gesprekke op die terrein was positief en energiek, met talle boere wat steeds optimisties is oor die toekoms van Suid-Afrikaanse landbou. Dit was duidelik dat boere en landboubesighede nie net fokus op die uitdagings van vandag nie, maar aktief besig is om oplossings vir môre te bou.

NAMPO 2026 het opnuut bewys waarom hierdie skou veel meer is as net 'n jaarlikse gebeurtenis. Dit bly 'n ontmoetingsplek waar innovasie, gemeenskap en landbou saamkom, en waar die toekoms van Suid-Afrikaanse landbou jaar ná jaar gevorm word.

## Vooruitblik

Dagboek die datum vir NAMPO Kaap, wat van 9 tot 12 September 2026 in Bredasdorp plaasvind, asook NAMPO ALFA van 2 tot 3 Oktober 2026 by NAMPO Park. NAMPO 2027 se datums is bevestig as 11 tot 14 Mei 2027 by NAMPO Park buite Bothaville.

**Vir meer inligting, besoek die NAMPO-webwerf of volg NAMPO op sy sosialemediaplatforms. Tot die volgende NAMPO!**


IRRIGATION UNLIMITED
SINCE 2003
IRRIGATION FILTERS
Extend your irrigation system's lifetime by years
Available in Y-Type 20mm to 50mm, and larger Single- and Double Cartridge Types
ERHAS IRRIGATION SYSTEMS
Proudly distributed by IU IRRIGATION UNLIMITED
Learn more
www.iunlimited.co.za
Wholesale supplier and distributor of a wide range of irrigation products
Tobie Van Den Heever +27 82 658 6054
Henko Cilliers +27 71 303 8829
FIND YOUR NEAREST DEALER
PTA +27 12 736 2121 | CPT +27 21 946 1194

CNH Capital se buigsame, praktiese en doelgerigte finansieringsopsies help boere om met vertroue in hul toekoms te belê.

# BATEFINANSIERING:

## 'n Sleutel tot volhoubare groei in die landboubedryf



deur Barry de Beer, areaverkoopsbestuurder vir keinhandelfinansiering by CNH Capital

Batefinansiering speel 'n toenemend kritieke rol in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse landbousektor, veral in die graanbedryf. Namate boerdery meer kapitaalintensief raak en produsente aan onbestendige marktoestande blootgestel word, is gestruktureerde finansieringsoplossings nie meer 'n gerieflike opsie nie, maar onontbeerlik vir boerderysukses.

### Waarom is finansieringsoplossings belangrik?

Boere staar voortdurend onvoorspelbare markpryse, veranderende weersomstandighede en stygende insetkoste in die gesig. Hierdie faktore beïnvloed winsgewendheid en kontantvloei, en verhoog die risiko wat met langtermynbeplanning gepaard gaan. Tog bly landbou 'n kernpilaar van die ekonomie, vir voedselsekuriteit, werkskepping en uitvoerinkomste. Dit beklemtoon die noodsaaklikheid van toepaslike finansiële instrumente.

### Groter skaal en tegnologie

Boerdery beweeg na meer ingewikkelde operasies op groot skaal. Dit verg doeltreffendheid, presisie en tegnologiese integrasie. Moderne boerdery vereis nie net harde werk nie, maar slim kapitaalbestuur. Bates en toerusting vorm die ruggraat van sukses: van grondbewerking tot stroop bepaal gehalte en betroubaarheid die seisoen se uitkoms. Hier speel batefinansiering 'n bepalende rol omdat dit boere in staat stel om toerusting betyds aan te skaf en kontantvloei te beskerm.

### Voordele van meganisasie

Doeltreffende meganisasie lei tot beter tydsbestuur, laer insetkoste en hoër opbrengste per hektaar. Moderne en betroubare toerusting bied 'n mededingende voordeel in 'n omgewing waar elke besluit winsgewendheid beïnvloed.

### Vervangingsiklusse en tegnologie

'n Sleutel tot suksesvolle batebestuur is goed beplande vervangingsiklusse. Tydige vervanging van trekkers en stropers verminder die risiko van stilstand en verseker toegang tot die jongste tegnologie. Met fabriekswaarborge van drie jaar, soos by New Holland, volg boere dikwels drie- tot vierjaarsiklusse. Dit beperk herstelkoste en verhoog operasionele sekerheid, maar vereis deeglike finansiële beplanning.

Die finansieringstermyn moet met die waarborg belyn wees. Indien 'n masjien 'n driejaarwaarborg het, behoort die finansiering nie langer as vier jaar te duur nie. Dit skep die geleentheid om toerusting te vervang sodra die waarborg verval en vermy ook onnodige koste. Die bestaande masjien kan ingeruil word of as 'n deposito dien, wat kontantvloei beskerm.

### Buigsame finansieringsoplossings

Innoverende finansieringsoplossings is noodsaaklik. CNH Capital bied byvoorbeeld die opsie om BTW terug te eis sonder onmiddellike verrekening teen die lening, wat korttermyn-kontantvloei verbeter. Net so is die struktuur van terugbetalings belangrik: paaiemente moet aanpas by die boerdery se kontantvloeisiklus. Maandelikse of kwartaallikse betalings is ideaal vir kleiner toerusting, terwyl groter kapitaalbates dikwels jaarliks gefinansier word, in lyn met oestyd. Hierdie gestruktureerde benadering verminder druk en ondersteun volhoubare bestuur.

### Samewerking en finansiële bestuur

Samewerking met finansiële adviseurs, rekenmeesters en boekhouers is uiters belangrik. Waardevermindering, belastingaftrekkings en BTW-hantering het 'n direkte invloed op winsgewendheid en kontantvloei. Gereelde strategiese gesprekke stel boere in staat om beter besluite te neem.

### Batefinansiering as hefboom

In 'n bedryf waar marges onder druk bly en eksterne risiko's voortdurend verander, is batefinansiering nie bloot 'n ondersteuningsfunksie nie, dit is 'n strategiese hefboom vir groei. Wanneer finansiering beplan en doelgerig aangewend word, stel dit boere in staat om meer mededingend, veerkragtig en volhoubaar te opereer.

### Vennootskap vir groei

Uiteindelik gaan dit oor vennootskap. CNH Capital verskaf nie net finansiering nie, maar is 'n strategiese vennoot wat oplossings ontwikkel wat werklik waarde toevoeg tot jou boerdery. Deur buigsame, praktiese en doelgerigte finansiering te bied, help CNH Capital in samewerking met New Holland boere om met vertroue in hul toekoms te belê en hul boerderye na nuwe hoogtes te neem.

**Vir meer inligting, besoek CNH Capital se webwerf: www.cnhcapital.com/en_za**


Shell
Lubricant Solutions
Stand a chance to
Win A Seedling Transplanter
Plus 1 of 3 Rototillers monthly!
+ Instant Weekly Vouchers up for grabs!
VOUCHER
How to Enter
Purchase 5L or more of selected Shell Spirax, Gadus, Tellus, Rimula and Coolants.
WhatsApp "Shell" to 060 018 6223
Follow the prompts & upload your slip
Promo Valid: 01 May – 31 July 2026. T&Cs apply.
GADUS
SPIRAX
RIMULA
Tellus S3 V
SHELL SUPPORTING
FARM OF THE FUTURE
LEARN MORE
Buy. Enter. Power your farm and the future with Shell.




# TAKING CHARGE, THE FUTURE IS SUPER WITH SCANIA


**by Natasha Pretorius**

Leading the future means evolving, and Scania has done just that, taking charge of the transport industry by introducing their new Scania Super to the market, and what better place to showcase the latest in transport technology than NAMPO Bothaville.

Scania is a world-leading transport solutions provider that focuses firmly on the profitability of clients and the conservation of our planet.

"With Scania, we don't just sell a product, we sell a solution. When we talk to customers, we talk about the total operating economy," said Michael Schoeman, Regional Sales Manager for Scania Gauteng at the launch of the Super during NAMPO.





The new Scania Super was launched at NAMPO Bothaville this year.

## The future of transport is Super

The new Scania Super is the latest technology that Scania has on offer; it's a new innovative product. The Super is the best in its class, and with rising fuel costs, it brings some relief with up to 8% more fuel savings compared to Scania's previous model, while simultaneously setting a new benchmark for emissions.

The Super comes with a completely new driveline that will give customers more fuel savings, more payload and more uptime than ever before. Each component is engineered to operate seamlessly with each other to improve performance.

The Super platform features a Super 11-litre- or 13-litre engine, Scania Opticruise G25 and G33 gearboxes, high-efficiency rear axles, advanced cooling and aftertreatment systems, Intelligent powertrain control software, and modular, predictable chassis architecture (MACH).

By optimising the energy flow from the engine to the wheels, the Super enables lower fuel consumption, smoother drivability and high operational uptime.

This new addition also features the brand-new dashboard that was launched with the previous Scania model.

"If you look at the vehicle itself, a lot of research has gone into the aerodynamics of the Super. You have a high aero kit and a low aero kit, and all these features talk to fuel savings and fuel efficiency," explained Michael.

In addition to improved fuel performance, the new Scania powertrain delivers a much smoother drive and an extended horsepower range of up to 412 kW. To complement the new powertrain, Scania has also introduced their most versatile chassis yet. With increased layout adaptability, improved weight distribution and the possibility to create more free space on the frame, the new chassis concept improves both payload potential and bodybuilding options.

## More than just truck sales

Michael adds it's important for Scania not only to sell trucks but to be a complete solutions provider for their clients.

"It's not just about the fuel savings; we have a flexible maintenance plan on offer as well. We tailor-make our solutions according to our customers' specific needs. Just because you are in farming, it doesn't mean your farming application is the same as someone else's, the same goes for mining. We like to take the time, sit with our customers and see where we can offer a custom-made solution that will suit our client best," said Michael.

While fuel savings and emissions are valuable, you can't achieve either if your vehicles are not on the road, and this is why Scania is serious about uptime as well. "The quicker we can get the vehicles out and on the road, and the more time we can have them up and running with our Scania assistance, the better for our clients – and happy customers are what we want," said Michael.

## Optimising your drive

Scania not only offers cutting-edge technology, they also provide driver training on their new Super drivelines, as well as the other models in their range.

"It is imperative that we have driver training. The training teaches the drivers to drive the vehicles at their optimum performance and efficiency," Michael emphasised.

Launching the Super at NAMPO was a highlight for the Scania team, and according to Michael, NAMPO is the perfect platform to showcase the Super.

"NAMPO brings people together from all over the country. This means people who previously weren't aware of Scania or customers who have been previously with other OEMs could come and have a look at the Super. Climb into the vehicle, talk to one of our experts and experience this amazing technology for yourself," Michael said.




**Michael Schoeman, Regional Sales Manager for Scania Gauteng.**

**If you would like to learn more about the new Scania Super or talk to one of Scania's expert team members, visit their website https://www.scania.com/za/en/home.html.**


ELB
EQUIPMENT
856HE EMAX+
LIUGONG
BACKED BY THE BLUE
POWERED BY THE FUTURE
EARTHMOVING
ELECTRIC
856HE
LIUGONG
2 YRS / 4,000 HRS WARRANTY
1,000 HR COMPLIMENTARY SERVICE
856HE

# Pioneer se 100 jaar-agronomietoer
## trap nuwe spore in die Vrystaat en Hoëveld

PIONEER 100 JAAR

deur Natasha Pretorius



Die volhoubare sukses van enige landboumaatskappy lê in die krag van sy vennootskappe. Vir Pioneer en Corteva Agriscience is hierdie waarheid al dekades lank die hoeksteen van hul bedrywighede, wêreldwyd sowel as op plaaslike bodem. In Maart vanjaar het Pioneer 'n historiese mylpaal gevier: 'n eeu van innovasie, wetenskaplike deurbrake en 'n onwrikbare, boer-gesentreerde benadering. Alles wat die maatskappy aanpak – van gevorderde navorsing en ontwikkeling tot mark-beleggings – plaas die boer reg in die middel van hul bedrywighede.

Pioneer is die vlagskip handelsmerk van Corteva Agriscience en fokus onverpoos op gevorderde genetika en gewasbeskerming. Waar baie maatskappye slegs van seisoen tot seisoen beplan, kyk Pioneer reeds na 2035 en verder om voedselsekerheid te verseker. Binne hierdie wêreldwye visie beklee Suid-Afrika 'n gesogte posisie as een van die top 10-markte wêreldwyd. Dit is waarom die maatskappy swaar belê in plaaslike navorsing, proewe en tegnologie wat spesifiek aangepas is vir die unieke en dikwels uitdagende toestande wat Suid-Afrikaanse boere moet trotseer.

Die toekoms van landbou word gedryf deur tegnologie en innovasie. Deur genetiese vooruitgang en nuwe biotegnologie, soos geen-redigering (*gene editing*) en die ontwikkeling van weerstand teen veelvuldige siektes, skep Pioneer die boustene vir die volgende eeu. Die fokus is gerig op ses groot uitdagings wat boere se nagrus steel: insekte, onkruidbeheer, siektes, uiterste weerstoestande, voedselveiligheid en volhoubaarheid.

Pioneer-genetika het reeds rekord-opbrengste op plaaslike bodem behaal, maar die maatskappy glo die ware potensiaal is selfs groter. Jaarliks word honderde proewe en modelle in Suid-Afrika uitgevoer, waar kunsmatige intelligensie (KI) en voorspellende analise ingespan word om die beste kultivarkombinasies vir elke spesifieke streek te vind.

Tog is die pad vorentoe nie sonder struikelblokke nie. Boere steier tans onder hoë insetkoste, politieke skokke en streng druk. Om hierdie uitdagings aan te spreek, het Pioneer sy 100 jaar-agronomietoer van stapel gestuur. Hierdie toer het die maatskappy die gulde geleentheid gegee om direk met Suid-Afrikaanse boere te gesels, vrae te beantwoord en eerstehands te leer wat op die grond benodig word.

### Samekoms, strategie op Harrismith

Die derde dag van die agronomietoer het plaasgevind op die bekende plaas Bella Rosa in die Harrismith-distrik, die boerdery van 'n plaaslike sleutelboer. Hierdie perseel dien as 'n sentrale verwysingspunt waar boere van regoor die streek kan saamkom om te sien hoe verskillende pakkette onder verskillende plantstande presteer.

Des Cuff, Pioneer se areabestuurder in die Oos-Vrystaat, het die belangrikheid van die maatskappy se plaaslike betrokkenheid beklemtoon.

"As Pioneer is ons baie betrokke in hierdie area. Ons het 'n sterk betrokkenheid in al die boereverenigings. Ons plant verskeie proewe op verskeie persele by verskeie boere om sodoende vir die boere te kan wys wat werk en wat werk nie op hulle plase nie."

Des het verduidelik dat die proewe op Bella Rosa al verskeie jare geplant word en krities is vir die streek sodat kliënte presies kan sien watter totale pakket Pioneer kan bied. Vir Des is die rol van die verkoopspan baie meer as net transaksioneel. Die agente streef daarna om ware vennote op die plaas te wees, gerugsteun deur die diepgaande kennis van landboukundiges. "Vir ons is dit belangrik om te sien dat die boer die beste uit elke hektaar kry," het hy gesê.

Sy wens vir die volgende eeu is duidelik: groei in tegnologie, sterker kliënteverhoudings en 'n suksesvolle land wat sy voedselsekerheidsdoelwitte haal.

Die gesprek het daarna verskuif na die tegniese uitdagings van die omgewing. Gideon Knobel, wat al 20 jaar lank as Pioneer-agent in Bethlehem diens doen, het verduidelik dat die grootste kopseer in die Bethlehem-, Ficksburg- en Fouriesburg-area die enorme variasie in grondtipes is. Om die regte kultivar op die korrekte grond te plaas, is 'n kuns.

Pioneer span unieke digitale agronomiese proewe in om hierdie legkaart op te los. Gideon wys daarop dat die streek wissel van vlakker gronde tot dieper, hoëpotensiaal-gronde en ryk rooi gronde.

Volgens Gideon is daar tans drie top-kultivars wat koning kraai in daardie area:

- **P18380 en P18380PW:** 'n Splinternuwe, hoogs stabiele konvensionele geelmieliekultivar wat uitstekend vaar op hoëpotensiaal-gronde. Die kultivar is beskikbaar in die konvensionele en PowerCore™-weergawes.
- **P1975 en P1975PW:** 'n Geelmieliekultivar wat reeds 'n hele klompie jare as 'n absolute staatmaker in die streek bekendstaan vanweë sy betroubaarheid.
- **P2362R en P2362PW:** Nog 'n top-presteerder wat hom oor tyd in die area bewys het.



# THE FUTURE
## OF HARVESTING, WORKING TODAY.

JOHN DEERE

The S7 Combine brings advanced technology to your operation, improving efficiency and delivering real results in the field.




- **StarFire™** Integrated Receiver
- Harvest Settings Automation for **Consistent Results**
- **73% Faster** Satellite Acquisition
- **Forward-facing** Cameras for Crop and Terrain Awareness

**Unlock the full potential of your harvest with the S7 Combine.**

**VISIT YOUR NEAREST JOHN DEERE DEALER TODAY!**

***Terms and conditions apply. (Available at https://www.deere.africa/en/)**

https://www.deere.africa/en/ I africa@johndeere.com I Customer care: 0800 983 821

JohnDeereAME JohnDeere JohnDeereAfrica

Gideon is blinkoog oor die toekoms: "Ek is nou al 'n hele tyd lank by Pioneer en as ons net so kan aangaan ... en met die opleiding wat ons kry en die navorsing wat nou vreeslik baie uitbrei, glo ek vir ons nageslag sal ons 'n baie lekker toekoms kan nalaat."

Marchand van Rensburg, Pioneer-agent in die Harrismith- en Warden-area met 25 jaar se ondervinding, het die klimaatuitdagings van sy omgewing uitgelig. Die weer in Harrismith is wispelturig; koue en oormatige reën sorg vir 'n baie kort en strawwe plantvenster. As gevolg hiervan is kortgroeier-kultivars die beste keuse vir hierdie omgewing. Sedert die uitvoermark in Durban se hawe oopgemaak het, is daar 'n groot ekonomiese voordeel vir boere om dié kortgroeiers vroeg te plant. Dit stel hulle in staat om vroeg te oes, direk op die plaas te laai en die mark te vang vanweë hul nabyheid aan die hawe. Marchand se wens vir die komende 100 jaar is eenvoudig maar kragtig: nog beter kortgroeiers met selfs hoër opbrengspotensiaal.

**Stabiliteit, droogtetoleransie op Bethal**

Die vierde dag van die toer het verskuif na Schurvekop, die plaas van Dewald de Water (Te Water Boerdery) in die Bethal-omgewing op die Mpumalanga Hoëveld. Hierdie streek is tradisioneel die land se mielie- en sojaboonwêreld, hoewel boere weens die laer mielieprys toenemend met alternatiewe gewasse soos sonneblom en kanola begin eksperimenteer.

Gerhard Marais, Pioneer se area-bestuurder in Mpumalanga met 20 jaar se ondervinding, het opgemerk dat hoewel die jaarlikse boeredag gewoonlik spoggerige opbrengste oplewer, die gewasse vanjaar op die mees kritieke tydstip deur 'n ekstreme droogte getref is.
Dit het egter 'n unieke leerskool gebied.

"Wat ons hier vanjaar sien, is dat van die nuwe kultivars wat ook beter is teen blaarsiektes, ook baie goed is met stabiliteit. En dit is belangrik vir ons, want ons sit in die Hoëveld vanjaar met kolle wat daar baie opbrengste is, maar daar is ook baie kolle wat baie stremming ervaar het," het Gerhard verduidelik.

Gerhard het bygevoeg dat hierdie lesse boere sal help om hul risiko te versprei deur hul kultivarkeuses doelbewus te rig na nuwer, siektebestande en agronomies stabiele platforms. Hy het die kritieke rol van die agent as die skakel op die grond herbevestig – iemand wat saam met die boer in die lande loop, siektes of tekorte identifiseer en op grond van plaaslike proewe die regte aanbevelings maak.

Gerhard het afgesluit met 'n reguit pleidooi aan die boeregemeenskap: "Die nuwe genetika het boere nie altyd so goed verstaan nie, en dat daardie genetika ook stabiliteit het op hoë plantestande nie. So ek sal graag wil hê dat die integriteit van landboukundiges en handelaars 'n bietjie meer deur boere geag sal word ... As jy dan nou nie voluit wil gaan met 'n nuwe produk of praktyk nie, beproef dit net."

Pieter de Wet, 'n landboukundige vir Pioneer in die Oos-Vrystaat en gedeeltes van die Hoëveld, het aangesluit by die tema van uiterste grondvariasie. Dit is algemeen om verskeie grondtipes op een enkele land te kry. Pioneer toets hul produkte juis oor hierdie wye reeks lokaliteite en bemestings- en bestuurspraktyke om te verseker dat die gewas steeds sy Landbou-ontwikkelingsdoelwitte (LGO) of hoër kan bereik, selfs in uiters moeilike seisoene.

Die proefperseel op Bethal het geweldige stremming ervaar tydens die kritieke blom- en graanvulstadiums. Die proewe het gewissel van die P1517WR-platform ('n vinnige kortgroeier) tot die P2927WYR ('n volseisoen-witmieliekultivar wat die hele groeiseisoen benut vir maksimum opbrengs). Onder hierdie droë toestande het die medium- tot kortgroeiers steeds daarin geslaag om goeie koppe te maak, terwyl die volseisoen-kultivars baie swaar gekry het. Dit, sê Pieter, bewys dat 'n boer nooit op een enkele perd moet wed nie, maar 'n gebalanseerde kultivarpakket moet plant.

Pieter het veral sy opgewondenheid uitgespreek oor 'n nuwe uitblinker op die toer: P18011WPW. Dit is 'n splinternuwe, hoogs aanpasbare mielieplatform wat beskikbaar is in sowel 'n konvensionele weergawe as 'n PowerCore™-opsie.

Ten spyte van die strawwe droogtestremming op Bethal het hierdie kultivar baie goeie, stewige koppe gevorm. Wat hom uniek maak, is sy uiterste stabiliteit oor verskillende klimaatsareas en plantbevolkings heen. In die verre Oos-Vrystaat kan hy teen laer populasies van 25 000 tot 45 000 plante per hektaar geplant word, maar hy kan net so maklik Hoëveld toe gebring word waar hy teen digthede van 45 000 plante per hektaar en meer floreer. Dit maak hom een van die opwindendste nuwe produkte om dop te hou vir die komende seisoen.

Pieter glo die fondasie is stewig gelê met die huidige genetika, en dat die kombinasie van konvensionele teling en die opkomende Generasie 3 BT-tegnologie Pioneer in 'n onverbeterlike posisie plaas.

**'n Volhoubare pad vorentoe**

Die Pioneer 100 jaar-agronomietoer van 2026 het weereens bewys dat sukses in die landbou nie per toeval gebeur nie; dit word in laboratoriums geteel, in plaaslike grond getoets en deur noue vennootskappe in die praktyk gevestig. Deur wetenskaplike stabiliteit te kombineer met die praktiese wysheid van agente en boere op die grond, wys Pioneer dat hulle gereed is vir die uitdagings van die volgende eeu.

Vir die Suid-Afrikaanse boer beteken hierdie voortdurende innovasie net een ding: die gemoedsrus dat daar selfs in die uitdagendste seisoene 'n vennoot saam met hulle in die lande stap.










# LIMITED OFFER

# SUPER-HEAVY BALE NETWRAP




**All Widths
R3400 ex VAT
Per Roll**

BEST QUALITY

Avialable Widths : 123cm & 125cm

UV Protection : Yes

Thickness : 13gr/m

Length : 3600m

Strength : 350kg/m / 3500N

Elasticity : 21.5%







## Call Us Today

071 331 1990

071 331 1997

# **Limited offer** on REBELO super heavy bale netwrap



**by Bianca Pretorius**

Every South African farmer knows that when hay season arrives, there is no room for delays. The window to cut, bale and store feed is often short, and weather conditions can change in an instant. That is why efficiency in the field is not just important – it is essential. Downtime, breakages or poor-quality inputs can cost valuable time and ultimately affect the quality of your feed.

One of the key components in successful baling is reliable bale netwrap. It plays a critical role in securing the bale, maintaining its shape, and protecting the valuable fodder inside. Choosing the right netwrap can make the difference between a smooth baling process and one filled with frustration.

Rebelo understands these challenges and has positioned itself as a trusted supplier of high-quality agricultural inputs. As a proud distributor of CPS bale net products, Rebelo brings farmers solutions that are designed with durability, performance and consistency in mind. CPS is a globally recognised manufacturer committed to producing bale netting that meets the highest standards, ensuring farmers can work with confidence during their busiest seasons.

CPS is focused on innovation, sustainability and customer service, which has helped build a reputation as a dependable partner in modern agriculture. The manufacturer's goal is simple: to provide farmers with products that improve efficiency, protect their harvests and contribute to long-term farming success.

Quality control is a major priority in the manufacturing process. More than 25% of CPS products are physically checked before shipment, ensuring consistent performance in the field. Advanced UV testing is conducted to guarantee that the netwrap can withstand prolonged exposure to sunlight, a crucial factor under South African conditions where bales are often stored outdoors.

In addition, mechanical testing is done using Zwick Roell machines. These tests evaluate key properties such as tensile strength, elongation, compression and overall durability. This means that every roll of netwrap is engineered to perform under pressure, providing peace of mind when it matters most.

The netwrap is available in widths of 123 cm and 125 cm, making it suitable for various baler sizes. With a thickness of 13 g/m and a length of 3 600 metres per roll, it offers excellent coverage and long-lasting use. Its strength of 350 kg/m (3 500 N) ensures that bales are securely wrapped, while an elasticity of 21,5% allows for optimal tension and load distribution without tearing.

These features translate into tighter, more uniform bales that are easier to handle, transport and store. Properly wrapped bales are also better protected against weather elements, reducing spoilage and preserving feed quality for livestock.

For farmers, this means fewer interruptions in the field, improved productivity and better returns on investment. Reliable netwrap reduces the risk of breakages during baling and ensures that operations run smoothly, even under demanding conditions.

Rebelo is currently offering a limited deal on their super heavy bale netwrap, allowing farmers to invest in premium quality at a competitive price. This netwrap is designed for demanding conditions and delivers excellent performance across a wide range of baling operations.

At a price of R3 400 per roll (excluding VAT) across all available widths, this limited offer presents excellent value for money, especially considering the high standards of quality and testing behind the product.

As hay season approaches or gets underway, now is the time to ensure that every part of your operation is ready to perform.

**"Make sure your next harvest is wrapped with quality you can trust."**

**Long rolls up to 3600 m**

**Linear strength 350 kg**

**High Elasticity**

**Top UV Protection**



**For more information about Rebelo's bale netwrap and to take advantage of this limited offer, contact them today on (+27)71-331-1990 or (+27)71-331-1997.**




**Running a business isn't just about carrying cargo, it's also about carrying responsibility and reputation.**

The Hino 700 is built to help keep your business reputation in check and to keep you moving when it matters most. With stock available, you can drive off in your Hino 700 2841 or 2845 truck tractor today. Experience advanced safety features suited to your industry and help fuel your business progress.

Contact us for a quote or visit www.hino.co.za today.

# PRAKTIESE ASPEKTE VAN BIOLOGIESE INSEKTEBESTUUR IN MAKADAMIABOORDE IN LIMPOPO

deur Martie Bester



Dr. Schalk Schoeman, ook bekend as Suid-Afrika se "goggameester" vanweë sy uitgebreide kennis oor die bekamping van skadelike "goggas", veral in koffie- en makadamiaboorde, het dekades se ervaring in hierdie veld.

"Ek het op 'n tabakplaas grootgeword en wou graag weer terug landbou toe. Ná my diensplig kon ek kies om vir die destydse Transvaal-huis in Pretoria op termiete te werk of om 'n projek in die Laeveld op koffie te doen. Ek het koffie gekies en die res is geskiedenis," sê Schalk.

"Baie van die destydse koffieboere het oorgeskakel na makadamias en avokado's en ek werk tans nou saam met hierdie mense om geïntegreerde plaagbestryding (IPM)-sisteme vir die gewasse te ontwikkel.

Toe die makadamia-viltluis (*Erriococcus ironsidei*) vir die eerste keer in 2017 in makadamiaboorde waargeneem is, het dit baie min natuurlike vyande gehad. Omdat chemiese plaagbestryders die wind van voor kry, sê Schalk biologiese insektebeheer is die beste opsie om hierdie skadelike insekte te bekamp. Insekte soos liewenheersbesies (*Rhyzobious lophantae*) en roofkewers (*Cybocephalus binotatus*) het aangepas by die omstandighede in die Laeveld en kom nou voor in makadamiaboorde as natuurlike vyande van die viltluis. Die Landbounavorsingsraad (LNR) evalueer tans of die parasitoïed (perdeby) (*Metahpycus macadamiae*) vrygestel moet word om ook dié dopluis te bestry. "Minder strawwe en meer gefokusde metodes vir die beheer van hierdie insekte is dus die sleutel tot doeltreffende beheer," sê Schalk.

Volgens hom is stinkbesies "gewis die grootste probleem onder die boere hier by ons maar ook elders in die wêreld". Hy sê boere het nie baie keuses gehad betreffende beheer nie en het gevolglik breëspektrum-insekdoders gebruik. Die algemene gebruik van die produkte het sekondêre probleme veroorsaak wat op sy beurt weer chemiese ingrypings benodig het.

"Gelukkig is daar nou verskeie maatskappye wat biologiese produkte verskaf en is die opleiding van die boere asook die toets van produksiesisteme van kardinale belang. Daar is reeds heelwat suksesresepte maar daar is ook slaggate as die produkte nie reg gebruik word nie. Opleiding en demonstrasieproewe is dus van uiterste belang."



**Dr. Schalk Schoeman, een van Suid-Afrika se voorste kenners wat betref skadelike insekte in makadamia-boorde in die Laeveld en Limpopo – en hul bekamping om grootskaalse verliese te voorkom.**

## Tipes biologiese beheer

- Klassieke: *Metaphycus macadamiae* word gewoonlik een maal vrygestel en is baie effektief teen viltluise.
- Aanvullende beheer: Parasitiese perdebye (*Trichogrammatoidea cryptophlebiae*), parasitoïede van die makadamianeutboorder asook die valskodlingmot (VKM) (*Trissolcus basalis*) en ander parasitoïede (perdebye) (*Telenomus* sp.) is ook baie effektief teen stinkbesies. Vir meer doeltreffende resultate word hul natuurlike populasiesyfers aangevul.

## Bewaring van predatoor-insekte

- Gebruik minder skadelike chemikalieë
- Verbeter natuurlike plantweerstand deur middel van verskeie grondverbetaars en optimale boerderypraktyke
- Boordvloerbestuur

## Biologiese plaagbeheer van stinkbesies

Eierparasitoïede soos groenstinkbesie parasitoïede is algemeen beskikbaar.

- Neemolie, 'n natuurlike insekbestryder afkomstig van die saadpitte van die Neem-boom, en *Beauveria bassiana*, 'n swam wat natuurlik in die grond voorkom.
- *Metharhizium anisopliae*, 'n fungus wat natuurlik in die grond voorkom, veroorsaak siektes in skadelike insekte omdat dit soos 'n parasitoïed optree. Dit het goeie resultate gelewer met die bestryding van die rooibesie in appel- en peerboorde. Tydens feromoonproewe in avakado's het 'n blou kleur aansienlik meer stinkbesies gelok as enige ander kleur.
- Gereelde snoei is baie belangrik.
- Pas deeglik boordvloerbestuur toe vanaf blom tot Desember.

## Opsies vir neutboorders

- Aanvullende vrylatings van VKM en makadamia neutboorder (MNB)-eierparasitoïede (*Trichogrammatoidea cryptophlebiae*)
- Grondbehandelings van entomopatogeniese nematodes en fungi.
- Chemiese beheer moet geïntegreer word by die vrystelling van voordelige insekte – tydsberekening is baie belangrik.
- Feromone ontwrig paring

## Belangrike gehalte-sertifikasie

Toets die eierkaarte van *Trichogrammatoidea cryptophlebiae*, 'n eierparasitoïed van VKM wanneer jy dit ontvang en teken die volgende aan:

- Vooraf uitbroeiing
- Getal geparasiteerde eiers


www.faw.co.za
COMPACT SIZE.
SERIOUS CAPABILITY.
4.110FL-MT: 2 TON 4X2 FREIGHT CARRIER
FAW
4110FL-MT
Engine Power: 81 kW @ 3 200 rpm
Payload Allowance: 2 000 kg
Braking System: Full Air Dual Circuit with ABS
FAW TRUCKS SOUTHERN AFRICA
Head office:
45 Brabazon Road, Isando,
Gauteng | marketing@faw.co.za
SCAN THE QR CODE TO CONTACT US
The above specifications are not binding - subject to change without prior notice.

Onthou dat een geparasiteerde eier tot drie parasitoïede kan lewer wanneer jy jou tellings doen. Toets die eierkaarte ongeveer twee weke ná plasing om die uitbroeipersentasie (of uitbroeikoers) te bepaal. Gebruik 'n sterk handlens of 'n mikroskoop vir hierdie proses.

## Opsies vir makadamia-viltluis

- Liewenheersbesies, wat viltluise baie suksesvol bekamp, is aanvanklik in lae getalle op die doppe van dié luise waargeneem.
- Dit blyk dat liewenheersbesies as predatore nou by die gasheer aangepas het.
- Witluis-liewenheersbesies (*Cryptolaemus montrouzieri*) is in hokke getoets maar hulle het nie in die veld gevestig nie.
- Die LNR het roofkewers eers vrygelaat vir die bekamping van mango-luise. Hierdie insek is baie suksesvol teen alle luise en ten spyte van sy klein grootte, kom hy in groot getalle voor.
- Groot getalle roofkewers kom in die Barberton-vallei voor.

## Wat om nou te doen

- Aanvullende vrylating van liewenheersbesies
- Liewenheersbesies is baie kwesbaar vir insekgroeireguleerders (IGR's). Volg dus 'n bewaringsbenadering.
- Baie boere gebruik Thiamethoxam. Hierdie produk, wat nie vir dopluise geregistreer is nie, bekamp stinkbesies. Dit verskaf tydelike verligting maar gebruik oor 'n wye area sal weerstand daarteen vergroot, veral as dit elke seisoen aangewend word. Aangesien hierdie produk ook bye affekteer, moet die gebruiksaanwysings deeglik gevolg en 'n bewaringsbenadering gevolg word.

## Opsies vir blaaspootjies *(thrip)*

- Feromone sal kommersieel beskikbaar wees
- Patogene kan aangewend word maar is nog nie geregistreer nie
- Bewaringslandbou
  1. Boordvloerbestuur
  2. Plaagdoder-seleksie (blaaspootjies is primêre peste, maar hul impak kan beduidend vererger as gevolg van die gebruik van breëspektrumprodukte)
- Vrystellings van predatore soos myte (*Amblyseius swirskii*)



**Vrystellings van predatore soos myte bied uitstekende beskerming teen veral blaaspootjies.**

## Riglyne vir aanvullende vrystelling van parasitoïede

- Vir maksimum doeltreffendheid is die tyd wanneer die parasitoïede vrygestel word baie belankrik. Twee ure voor sonsondergang is die ideale tyd en vrystelling in die oggend is naasbeste.
- Hulle kan ook vrygestel word wanneer die temperatuur tussen 22 °C en 29 °C is, maar vestigingskoerse kan laer wees as gevolg van hoë verspreidingskoerse.
- Hulle moenie vrygestel word wanneer dit warmer as 29 °C is nie.
- Vrylating in temperature onder 13 °C lei tot swak vestigingskoerse, dus is die ideale temperatuur vir vrylating tussen 13 °C en 21 °C.
- Vrylating van insekte in die middaghitte kan vestiging tot met 60% verminder.

## Riglyne vir die vrystelling van aanvullende parasitoïede

- Relatiewe humiditeit (RH) van 40% tot 70% is ideaal vir vrystelling.
- Insekte moet vrygestel word voordat 'n hoogtepunt in die populasie van die pessyfers bereik word.
- Die windspoed moet minder as 8 km/h wees.
- Moenie insekte vrystel wanneer oormatige reën voorspel word nie.

## Tweekol-stinkbesies – waarde van biologiese beheer

Die volgende aannames is gemaak:

- Net een manlike en een vroulike stinkbesie begin die voortplantingsiklus aan die begin van die seisoen.
- Geslagsverhouding: 66% vroulike en 33% manlike besies.
- Vroulike besies het 15 eierpakkies wat elk 14 eiertjies bevat.
- Daar is geen natuurlike sterfte nie.
- In die derde generasie van hul voortplantingsiklus kan hulle in skrikwekkende getalle in makadamiaboorde voorkom.

Die dramatiese voortplantingsiklus van stinkbesies wat nie beheer word nie, word duidelik hieronder uiteengesit: Hierdie getalle kom nie natuurlik in die natuur voor nie omdat biologiese organismes die besiegetalle beperk. Boere moet derhalwe kennis neem van die waarde van biologiese beheer.

| | |
|---|---|
| 1ste generasie | 1 vroulik x 15 eierpakkies x 14 eiers/pakkie = 210 eiers x 0,66 (vroulik) = 139 vroulik |
| 2de generasie | 139 vroulik x 15 eierpakkies x 14 eiers/pakkie = 29 190 eiers x 0,66 (vroulik) = 19 265 vroulik |
| 3de generasie | 19 265 x 15 eierpakkies x 14 eiers/pakkie = 4 045 734 individuele stinkbesies |



**'n Geparasiteerde makadamia-neutboorder eier met gaatjies waaruit die perdeby kan ontsnap.**



**'n Beduidende viltluis-infestasie op makadamianeute.**

Ten spyte van die magdom probleme wat landbouers moet oorkom, staan plaaslike boere se uithouvermoë en vindingrykheid uit vir Schalk. "Ek dink ons het van die beste boere op die planeet. Klimaatsverandering, asook verskeie uitdagings in terme van navorsing en ontwikkeling, maak die lewe vir die ouens moeilik maar nogtans doen hulle goed." Schalk sluit af op 'n meer persoonlike noot, wat sy nederigheid sowel as sy diep geloof beklemtoon. "Tans bestuur ek my eie maatskappy wat hoofsaaklik geïntegreerde plaagbestuur in Suidelike Afrika hanteer. Ek is twee jaar aan die gang en dit is by verre die grootste avontuur nog. Ek het die voorreg om baie mooi plekke in Afrika te sien en baie interesante mense te ontmoet. Ek sê my Skepper elke dag dankie vir hierdie voorreg en om dit met twee van my oud-kollegas by Samac te kan deel."

**Vir meer inligting oor biologiese insektebeheer in makadamiaboorde, stuur 'n e-pos aan dr. Schalk Schoeman by goggameester@gmail.com.**




## Stand a chance to Win Monthly Prizes & the Grand Prize:

# A GPS-Guided Auto-Steer System!

**How to Enter:**

- **Buy** – 5L or more of participating Castrol lubricants
- **WhatsApp** – Scan the QR code or WhatsApp "Hi" to 066 538 0733
- **Upload** – Follow the prompts and upload a clear photo of your till slip in the chat.

**Promo Valid:** 1 April - 30 September 2026.
T&Cs Apply

**No delays. No downtime. No compromise**

Castrol

# WEIDINGSBESTUUR DEEL 4:
# VUUR SE INVLOED OP WEIDING

**deur Tisha Steyn**



**Kenners is dit eens dat vuur nie 'n swak weidingsplan kan regstel nie. (Bron: Pixabay)**

Suid-Afrika word verdeel in 'n somer- en winterreënseisoen. Die grootste deel van die land kry somerreëns van November tot Maart, terwyl die Wes-Kaap winterreëns van Mei tot Augustus kry.

Weens klimaatsverandering, kom daar laer of hoër reënval asook oorstromings of langer droogteperiodes in albei gebiede voor. El Niño en La Niña het ook elkeen hul eie invloed op die reënvalpatroon en dit is moeilik om vooruit te bepaal hoe die weer gaan draai, al probeer weerprofete baie hard om boere te help voorberei op die volgende seisoen se weergrille.

Of jy nou in 'n somer- of winterreënvalgebied boer, ná 'n lekker nat reënseisoen staan die weiding geil. Maar uiteindelik verlep en verdor die gras en die voedingswaarde kwyn. Dan is dit tyd om te besluit of jy die weiding wil brand of los. Hoewel goeie weidingsbestuur altyd die eerste keuse is, is daar voor- en nadele verbonde aan brand, en moet jy 'n sinvolle brandplan hê wat jou gaan help om die regte besluit te neem.

Volgens weiveld-ekoloog Shobie Arnoldi van Ermelo, wat veldmonitering doen waaruit 'n volhoubare weidingsbestuursplan saamgestel kan word sodat kampe se grondgesondheid kan verbeter, is dit belangrik om te besin voordat jy brand.

"Vuur is van kritieke belang vir die instandhouding van biodiversiteit en ekologiese prosesse en dra by tot die eiesoortige aard van weiveld," sê Shobie.

"Vuur kan ook gebruik word om onwelkome plantmateriaal, soos 'n dik graslaag en of dooie materiaal, te verwyder en om ongewenste plantspesies uit te roei en of te voorkom."

Navorsing het getoon dat weiveld gewoonlik gebrand word om oortollige plantmateriaal of biomassa en ongewenste plantegroei, soos uitheemse indringerplante wat tot bosverdigting lei, te vernietig.

" 'n Belangrike aspek om in ag te neem wanneer vuur as bestuurshulpmiddel gebruik word, is om slegs te brand as die veld daarvoor kwalifiseer."

Volgens Shobie is dit wenslik om brand te vermy op 'n veld wat deur Toenemer 2-grasspesies gedomineer word, want dit kan hierdie grasspesiegetalle verhoog, die veldtoestand verswak en drakrag benadeel.

As die fitomassa, of biomassa van plantaardige oorsprong op die veld minder as twee ton per hektaar is, sal die brandstoflading nie genoeg wees om 'n behoorlike brand te onderhou nie. Sulke brande kan die bestaande plantgemeenskap en grondmikrobes beskadig.

Veld met sensitiewe grond soos sanderige grond – in die vorige artikel het ons spesifiek na die uitwerking van weiding op sanderige en kleierige grond gekyk – moet ook nie vir brande oorweeg word nie.

Die brand van savannaveld vir weidingsdoeleindes kan ook doelloos wees as die veld verby 'n sekere vlak van ekologiese suksessie, oftewel die biologiese verandering van plantegroei in reaksie tot omgewingsfaktore, gevorder het.



**'n Vuur wat stadig brand vernietig meer plantmateriaal as 'n vuur wat deur wind aangejaag word. (Bron: Pixabay)**

**Navorsing oor impak van brand in droër dele**

Navorsing deur prof. Hennie Snyman, afgetrede hoogleraar van die departement weidingkunde aan die Universiteit van die Vrystaat, het getoon die impak wat veldbrande in die droër dele van die land op die weiding-ekosisteem het, word dikwels onderskat.

Volgens hom is die probleem dat die werklike uitwerking of trefkrag daarvan op die weiding-ekosisteem 'n seisoen of twee daarna eers werklik waargeneem word.

In die hoër reënvalgebiede vorm brand dikwels deel van die volhoubare benutting van die weiding-ekosisteem. In droër dele ry onbeplande brande egter risikobestuur in die wiele en boere weet nie regtig wat die omvang van produksieverliese as gevolg hiervan is nie.

Veral in die lig van klimaatsverandering, is dit bykans onmoontlik om te raai wat die toestande ná die brand gaan wees omdat reënval in droë dele wisselvallig is en daar kan nie op opvolgreën aan die begin van die reënseisoen staatgemaak word nie.

Snyman beaam Shobie se mening dat vuur nie swak weiveldbestuur kan regstel nie. In droër dele waar die veld in die winter goed benut word en daar nie juis biomassa opbou nie, word vuur as 'n bestuurshulpmiddel geensins aanbeveel nie.

Onbeplande brande in droër dele noop 'n boer soms om te brand om weiding te stimuleer omdat sy oupa en sy pa dit dan altyd so gedoen het! Hierdie besluit is gebaseer op "ondervinding" van wat dalk destyds gewerk



**Dit is nie raadsaam om veld te brand as daar nie genoeg brandbare materiaal is nie. (Bron: Pixabay)**




**VISIT**
**THE WILLARD STAND AT NAMPO!**

12 to 15 May 2026
STAND B10 NAMPO
PARK, BOTHAVILLE

# BEHIND GENERATIONS OF FARMERS

PROUDLY SOUTH AFRICAN for OVER seven decades, Willard Batteries has been the trusted name in battery technology, delivering locally built power solutions tailored for the demands of our agricultural sector.

Generations of South African farmers rely on Willard - and the next generation will too.

Need power solutions for your farm? Our expert local field service team is ready to visit, assess, and equip you with the right battery solutions to keep your business moving forward.

**WILLARD. THE POWER OF TECHNOLOGY.**



MADE IN SA

www.willard.co.za 0860 12 00 12

Willard Batteries®
THE POWER OF TECHNOLOGY



**'n Vuur kan die groei van graswortels onder die grond benadeel. (Bron: GG, Unsplash.com)**

het en nie op wetenskaplike kennis oor die groei van die weidingsplante bo én onder die grond nie.

Volgens Snyman vorm die wortelstelsel die ratwerk vir volhoubare benutting van die weiding-ekosisteem. Vroeër jare is besluite geneem op grond van wat jy bo die grond kan sien, terwyl daar min of geen kennis beskikbaar was oor die invloed van 'n vuur op die wortelgroei van 'n weiveld, veral in droëer dele nie.

**Vuurintensiteit**

Die navorsing het bevind dat 'n brand saam met die wind 'n "koue" vuur was wat vinnig oor die plantegroei beweeg het. 'n Brand teen die wind was 'n stadige, "warm" vuur wat baie hitte naby die grondoppervlak genereer het en hoër plantegroei-afsterwing tot gevolg gehad het.

Die vuur het nie die botaniese samestelling van die veld beïnvloed nie, maar het tot 'n groot afname in plantbedekking gelei – veral die groot polle wat die warmste vuur genereer het, het die grootste afsterwing getoon.

Die navorsing het getoon dat:

- veral *Themeda triandra* (rooigras), *Cymbopogon plurinodis* (terpentyngras) en *Elionurus muticus* (koperdraadgras) die grootste persentasie afsterwing weens die brand getoon het;
- die pionierspesie *Tragus koelerioides* (wortelsaadgras) die meeste as gevolg van die brand toegeneem het;
- 'n maand ná die brand was die basale bedekking 66% laer weens die brand en ná twee groeiseisoene was dit steeds 11% laer as ongebrande veld.

**Bo- en ondergrondse produksie**

Die afname in plantbedekking weens die brand het 'n afname in bo- en ondergrondse produksie meegebring. Die wortelmassa van die grasse het dramaties afgeneem gedurende die eerste groeiseisoen ná die brand. Die



**Die ondergrondse wortelgroei is net so belangrik vir ''n plant as die plant self. (Bron: Curated Lifestyle, Unsplash.com)**

wortelmassa op 0 mm tot 900 mm diep op nie-gebrande veld was 80% hoër as gebrande veld.

Hoewel bogrondse produksie ná die tweede seisoen ná die brand begin herstel het, was die wortelmassa in die eerste seisoen ná die brand – 35% laer as in nie-gebrande veld. Die beter seisoenale wortelontwikkeling en die digter plantbedekking by die nie-gebrande veld was grootliks verantwoordelik vir die hoër bogrondse produksie in vergelyking met gebrande veld.

In droër gebiede was die ondergrondse produksie baie hoër is as dié van die bogrondse produksie. Die afname in bogrondse produksie weens brand was 773 kg/ha, teenoor die 1 924 kg/ha verlies in wortelmassa.

Dit dui daarop dat die wortelgroei in droër dele meer sensitief is vir brand as die bogrondse ontwikkeling, en ná 'n behoorlike rusperiode is noodsaaklik om die gebrande veld so gou moontlik te laat herstel.

**Seisoenale groeisiklus van wortels**

Die navorsing het getoon dat wortelgroei baie seisoenaal is en met reënperiodes gepaardgaan, maar dit plat



**Ná goeie reën staan die weiding geil, maar uiteindelik verlep en verdor die gras en die voedingswaarde kwyn – en dan is dit tyd om te besluit of jy die weiding wil brand of los. (Bron: Topveld Facebook)**

af wanneer die grasse saad maak. Stadige bogrondse groei vind plaas wanneer die grasse dormant is, maar in dié tyd het wortelmassa toegeneem.

**Wortelgroei met diepte**

Die dieper wortelstelsel van ongebrande veld verklaar die groter bestandheid teen droogte in vergelyking met gebrande veld wat meer gevoelig daarvoor is.

Die meeste graswortels het, ongeag brand, in die boonste grondlae voorgekom. Brand het die wortelverspreiding ná ses maande veral tot 100 mm aansienlik verhoog, maar reeds binne twee maande wortelverspreiding dieper as 100 mm verlaag.

Die styging in wortelmassa oor die boonste grondlae as gevolg van die brand kan dalk toegeskryf word aan die tydelike toevoeging van voedingstowwe vanweë die brand.

Die navorsing het getoon dat droogtes – 'n normale verskynsel in die droër dele – se intensiteit en frekwensie kan deur brand verhoog word.

**Wortelgroei en ontblaring**

Die persentasie blare wat verwyder word deur ontblaring sonder 'n brand het 'n invloed op die wortelgroei en -ontwikkeling.

Indien 'n klimaksplant in die droër dele se blaaroppervlakte met 80% tot 90% verwyder word, kan dit wortelgroei tot 17 dae laat staak. Ontblaring van 60% tot 70% laat die wortels stadiger groei, terwyl 'n ontblaring van tussen 40% en 50% die wortelgroei minder beïnvloed en dus beter is vir vinniger herstel.

Die rusperiode ná brand in droër dele moet voorsiening maak vir bogrondse en ondergrondse produksie – die gras moet kans kry om uit te groei ter wille van groeikragtigheid, beter grondbedekking en saailingvestiging. Die plante moet dus eers uitgroei voordat dit bewei word.

**Kontak Shobie Arnoldi by 082-801-4114 of besoek sy Facebook-blad by https://www.facebook.com/veldmanagement**

**Bronverwysings**

Snyman, H. (2004) *Die impak van vuur in die droër weivelddele word ondersoek* (Senwes) https://www2.senwes.co.za/Files/main_Scenario/archive_articles/2004/2004-09_impak_van_vuur_in_weivelde.htm

# TO OUR LIVESTOCK FARMERS, YOU'RE NOT ALONE.

WE'LL GET THROUGH THIS TOGETHER.

Foot-and-mouth disease is impacting our farms, our animals and our future. But your story can make a difference.

Share your story for a chance to receive support from **ISUZU.**

NAMPO




## HOW TO SHARE YOUR STORY

It's simple. Your story could help you – and other farmers.

**1 SHARE YOUR STORY**
Tell us how FMD has affected your farm, your animals and your family.

**2 GET SELECTED**
Our team will review entries.

**3 RECEIVE SUPPORT**
Selected farmers could receive a relief package of up to **R50,000**.

## HOW TO ENTER

### ONLINE FORM

Complete the form on the campaign website.

- Name & Surname
- Contact Details
- Location
- Your Story (write as much as you'd like)
- Upload Photo/Video (optional)
- Agree to consent

**Scan the QR code or visit isuzu.co.za**

### SCAN THE QR CODE

Scan to enter directly on your phone.

Scan me!

**All entries must be submitted by 30 May 2026.**

### YOUR STORY MATTERS

By entering, you give ISUZU and its partners permission to use your story (including images or videos) on our platforms to raise awareness and support the farming community.

**VISIT US AT NAMPO**
**12 – 15 MAY 2026**
**BOTHAVILLE, NAMPO PARK**
**ISUZU STAND: HALL 5 | STAND NR 5**

**SCAN, SHARE, GET SUPPORT.**
Scan the QR code at NAMPO to go straight to the entry page.

**STAND WITH SOUTH AFRICAN FARMERS.**
**SHARE YOUR STORY TODAY**



# Eetbare blomme deel 4: Laventel

deur Tisha Steyn

Laventel is 'n ou staatmaker in die tuin, maar het jy geweet jy kan die blommetjies ook in soet- en soutgeregte gebruik?

Laventel behoort aan die *Lamiaceae*- of mentfamilie, wat roosmaryn, tiemie, basiliekruid en marjolein insluit. Die blommetjies kan vars of gedroog in soet- en soutgeregte gebruik word.

Dit is belangrik om 'n laventelplant te koop wat geskik is om in kos gebruik te word – doen navraag by jou kwekery oor watter die beste is, maar kyk uit vir *Lavandula angustifolia* (Engelse laventel), en vermy Spaanse laventel, *L. stoechas* en *L. intermedia*, wat 'n bitter, seperige smaak het.

### Laventel-koffie

Klink laventel-latte vir jou na 'n lawwe idee? Begin met 'n bietjie laventel op 'n keer om jou gewoond te maak aan die smaak. Verhit 'n koppie melk tot kookpunt en laat dit saggies prut terwyl jy 'n paar laventelblommetjies daarin laat trek. Proe om seker te maak die laventelsmaak raak nie te sterk nie.

Gooi die melk deur 'n siffie en gooi koffie by vir lekker melkkoffie (latte) met 'n laventelgeur. Strooi 'n knypie kaneel oor en versoet met heuning as jy wil, en versier met 'n paar laventelblommetjies bo-op.

### Slaai

Vars laventelblommetjies kan 'n laatsomervrugteslaai lieflik opkikker. Maak 'n slaai van vars vrugte wat in seisoen is en roer 'n bietjie vars laventelblommetjies oor. Anders kan jy die vrugteslaai met roomys bedien wat jy met 'n strooisel vars laventelblommetjies kan versier.

'n Soet-soutslaai van groengoed en geroosterde vars vrugte in seisoen, neute en bessies kan bedien word met 'n slaaisous van olyfolie, heuning of balsamiese asyn – met 'n strooisel laventelblommetjies wat in 'n vysel met 'n stamper fyngemaal is. 'n Lepeltjie tuisgemaakte laventelstroop kan net so goed werk oor 'n vinnige slaai van waatlemoen, feta en mentblaartjies om 'n hetige laatsomersdag mee af te koel.



### Gebruik dit in suurlemoenstafies

Suurlemoenstafies is 'n watertandkombinasie van soet en suur, maar jy sal 'n soeter smaak kry as jy Meyersuurlemoene pleks van standaard suurlemoene gebruik. Die byvoeging van laventel verleen 'n skerp smaak aan die heuningagtige maar blomagtige geur van Meyer-suurlemoensap en -skil, sowel as die heerlike soetheid van versiersuiker, wat jou suurlemoenstafies verander in die soort nagereg wat jy gewoonlik by 'n duur bakkery sal aantref.

Gebruik standaard bestanddele vir suurlemoenstafies om Meyer-suurlemoen-laventelstafies te maak, maar maal die gedroogde laventelblommetjies met suiker om 'n laventelsuiker te vorm. Gooi die gemaalde laventel deur 'n sif om klonte te vermy – net 'n fyn poeier sal oorbly. Sprinkel die laventelpoeier oor een van die stafies saam met die versiersuiker. Jy moet net 'n bietjie laventel oorstrooi omdat daar genoeg laventel in die stafies is. Die sagte, gommerige binnekant en die taai korsie van hierdie stafies proe so deftig as wat hulle lyk.

### Lavelentel-lemonade

Suurlemoen en laventel is ideale pasmaats omdat hulle 'n helderkleurige, smaakvolle duo is. Laventel-limonade is 'n verfrissende en mooi drankie wat heerlik is as lafenis langs die swembad op 'n warm somersdag.

Lemonade-kombinasies word lankal gebruik, waaronder aarbei- of waatlemoen – en hierdie metode gebruik 'n eenvoudige laventelstroop om 'n vinnige blom-geïnspireerde lemonade te maak. Sodra jy jou stroop het, voeg net varsgedrukte suurlemoensap asook suurlemoenskil en water by. Gooi dit in 'n mooi beker en bedien oor ys as 'n koue lekkerny.

Gee jou verbeelding vrye teuels en voeg bloubessies by vir 'n pragtige perskleurige drankie wat mooi saam met laventel pas of voeg mentblare by vir 'n verfrissende voorkoms en smaak. Pas die resep aan sodat dit soet of suur genoeg is volgens jou persoonlike voorkeur. Voeg beslis laventel by jou lemonade om 'n valerige drankie op te kikker!

### Gebruik die blare in hoender piccata

In baie huise is hoender piccata 'n groot gunsteling vanweë die gereg se heerlike kombinasie van suurlemoen, botter en kappertjies. Baie laventelresepte gebruik laventelblomme maar dié gesonde hoender piccata-dis gebruik laventelblare, 'n smaaklike en kreatiewe manier om ander dele van laventel in jou kos te gebruik. Voeg die hoender wat in olyfolie gerooster is sowel as die kappertjies en laventelblare by hoenderaftreksel en botter en kook totdat die vloeistof verminder en effe dikker raak. Die geur van die blare sal meer prominent raak sonder om oorweldigend te wees.

Die laventelblare het 'n effe bitter kruiegeur. Dit bevat die "kern" van laventel sonder om oormatig blommerig te wees, terwyl die olyfolie kompleksiteit verskaf. Wanneer die gereg klaar is, sprinkel 'n paar laventelblomme saam met addisionele kappertjies oor vir ekstra tekstuur. Bedien jou hoender piccata saam met pasta, rys of risotto. Vir 'n ligter maaltyd, gebruik blomkoolrys.

### Eksotiese skemerkelkies

Laventelblare en -blomme kan jou skemerkelkies pragtig laat lyk en heerlik laat ruik. Die plant raak al gewilder en die blomme en blare is tans dié

bestanddeel om by skemerkelkies te voeg vir 'n lekker blomme-skop.

Gebruik dit ook as versiering en sprinkel 'n paar laventelblomme oor skemerkelkies.

Meng of sif die kruiedeeltjies in 'n skemerkelkie in of maak 'n eenvoudige laventelstroop om in jou drankie te spuit vir 'n soet blomsmaak op jou tong. Voeg net 'n bietjie stroop by sodat jou drankie nie in 'n bitter konkoksie ontaard nie. Of probeer 'n jenewer en tonikum met laventel: gebruik die pers blommetjie saam met 'n botaniese jenewer wat die laventelsmaak die beste sal komplementeer.

### Gebruik dit as saamgestelde laventelbotter

As jy 'n blomsmaak aan toebroodjies of gebak wil voeg, is saamgestelde laventelbotter die maklikste manier om dit te doen. Vat laventelblomme en botter teen kamertemperatuur (die sagtheid van die botter laat dit makliker en meer egalig meng), en meng die bestanddele in 'n voedselverwerker totdat alles ten volle gemeng is. Gebruik slegs die blomme, die houtagtige stammetjie sal nie egalig meng nie en sal die botter taai maak.

Skraap die kante van die voedselverwerker en verwyder enige klonte vanaf die lemme. Pols dit vir nog 'n paar sekondes en skep dit dan uit op 'n laag kleefplastiek. Rol alles saam om 'n "stomp" te vorm en verseël die kante om seker te maak dit is heeltemal bedek wanneer jy dit in die yskas sit. Wanneer dit hard is, kan jy dit op 'n lekker korsige stukkie roosterbrood met 'n tikkie sout smeer. Of sit 'n skep botter op jou hoender piccata vir 'n blommerige sous.



Ge-



Die maklikste manier om gewoond te raak aan die gebruik van laventel in kos is om vir jou 'n koppie laventeltee te maak. Gooi kookwater oor 'n laventeltakkie met blare en al, of gebruik net die blomme vir 'n meer subtiele geur. Laat vyf minute trek en bedien met heuning of suiker. Vir 'n meer komplekse geur kan jy jasmyn of kamille byvoeg.

### Franse flair

Meng geurige kruie om Herbs de Provence te maak, vernoem na die mengsel van droë kruie wat tipies is aan Provence, Frankryk.

Hierdie konkoksie bevat dikwels basiliekruid, vinkelsade, laventel, marjolein, oreganum, roosmaryn, boontjiekruid (*savory*), dragon (*tarragon*) en tiemie. Elke Herbs de Province-resep is egter 'n bietjie verskillend en gebruik dikwels ander speserye of laat sommige doodeenvoudig uit. Sprinkel dit oor hoender of geroosterde groente – die moontlikhede is eindeloos.

So 'n kruiemengsel is veral 'n gerieflike en kreatiewe manier om laventel in jou kos te gebruik as jy onseker is oor wat om te maak of nie al die bestanddele het nie. Dit kan sowat ses maande lank hou in 'n verseëlde houer is omdat dit 'n geurmiddel is. Jy kan dit gebruik saam met iets op jou inkopielysie of sprinkel dit oor vleis of groente as jy nie 'n ingewikkelde resep wil volg nie. Jy kan soveel gebruik as wat jy wil, en gebruik dit ook met ander geurmiddels soos uie- en knoffelpoeier.

### Soetkoekies

Kikker outydse soetkoekies op met laventelblommetjies vir 'n anderse bederf. Hier's 'n resep uit *Huisgenoot se Wenresepte 2* (indien jy jou ouma en jou ma se resep verloor het). Ek het die resep 'n bietjie aangepas met die toevoeging van die laventelblommetjies.

Verwerk 'n handvol skoon, droë laventelblommetjies in 'n voedselverwerker tot fyn.

Verroom 250 g botter of margarien by kamertemperatuur met 600 g (750 ml) suiker en vyf groot eiers. Sif 800 g meelblom, 30 ml bakpoeir, 5 ml vanieljegeursel en 2 ml out saam en voeg by die eiermengsel. Voeg van die fyngekapte blommetjies by die koekiemensel. Bedek die deeg en laat rus vir 'n halfuur. Voorverhit die oond tot 200 °C en smeer 'n bakplaatliggies.



Rol die deeg dun op om 'n oppervlak wat liggies met meel bestrooi is. Druk sirkels van sowat 5 cm in deursnee met 'n koekiedrukker uit. Plaas die deegsirkels 'n entjie uitmekaar op die gesmeerde bakplaat. Meng een geklitste eier en 25 ml melk en verf oor die rou koekies. Strooi 'n bietjie suiker gemeng met die fyn laventelblommetjies bo-oor die koekies en bak op die middelste oondrak tussen 8 en 10 minute lank of totdat die koekies goudbruin is. Laat die koekies effe op die bakplaat afkoel voordat jy dit versigtig op 'n afkoelrak oorplaas om heeltemal koud te word. Bêre in 'n lugdigte houer.

### Soete verleiding
### Gebruik dit in 'n soet pastei

As jy onseker is oor die gebruik van laventel in jou kos, bak dit in 'n pastei in sodat jy die geur kan verbloem of versterk op 'n smaaklike manier. Bak 'n supersoet, dekadente pastei met laventel-ekstrak wat net 'n tikkie van die strelende laventelsmaak bevat. Hou by die perserige kleurtema en maak 'n bloubessie-laventelpastei of hou by die suurlemoen-laventelkombinasie vir 'n suurlemoen-laventel-meringuepastei.

'n Tuisgemaakte pruim-laventelpastei het 'n unieke geur met sappige pruime, gedroogde laventelblomme en 'n bietjie suurlemoensap om alles bymekaar te voeg. Maal die blomme tot 'n poeier met 'n stamper en vysel en bedek dan die pruime met die poeier en die oorblywende bestanddele. Die sap van die pruime behoort 'n verdikte stroop te vorm, maar jy kan die proses fasiliteer deur die vloeistof in 'n pan te voeg en dit te verhit totdat dit verdik. Krakerige turbinado-suiker (rou rietsuiker), die sagte pruime en botterige, skilferkors skep saam 'n simfonie van geure.

### Laventelkorse vir vleis

Broodkrummels, graanvlokkies, peperkorrels en koffie is bekende maniere

om 'n kors aan vleis te verleen, maar 'n laventelkors sal jou sintuie betower. Hierdie heerlike, geurige blomme bied 'n kors waarvan jou sig-, reuk- en smaaksintuie sal hou. 'n Varktjoppie met 'n laventelkors kan vinnig voorberei word.



Hierdie resep meng gedroogde laventel, origanum en rissievlokkies om die kors van die vleis te vorm.

Bedek alle kante van die tjop met geurmiddels. Soteer dit in olyfolie totdat albei kante bruin is en bedruip dan met botter en kook totdat die varktjops ferm raak. Jy kan dieselfde kors gebruik vir steak, beesfilet, hoender, lamtjops of vis. Bedien met kapokaartappels en Parmesan-geroosterde Brusselse spruite of broccoli.

### Geklopte room

Verleen 'n blommerige smaak aan jou tuisgemaakte, geklopte room deur dit met vars of gedroogde laventel te meng. Neem jou swaar kloproom en laventelblomme en verhit die room op die stoof totdat dit begin kook. Verlaag die hitte sodat dit die room prut, voeg jou laventel by en skakel die hitte af. Los die laventel en room in die pan en gee dit tyd om behoortlik te meng. Dit moet geurig ruik. Kruie soos laventel is beslis die beste toevoeging tot geklopte room, maar jy kan ook speserye soos wonderkruie (*allspice*) of kaneel by die room voeg.

Laat dit afkoel en syg dit om die laventelblomme uit die mengsel te verwyder. Maak jou geklopte room soos gewoonlik met suiker en 'n tikkie vanielje en klop totdat dit die klassieke stywe pieke vorm. Jy kan hierdie gegeurde geklopte room gebruik in enigiets, van warm sjokolade tot kolwyntjies. Sit 'n groot lepel room op 'n aarbeiroomys-float en bedek met laventelblomme en vars aarbeie. Jy kan ook 'n rabarber (*rhubarb*)-galette bak met 'n aarbei-laventel-glaseersel en met vars geklopte laventelroom bo-op.

### Maak lemoen- en laventelmarmelade

Die kook van 'n houer konfyt of marmalade is 'n eenvoudige en smaaklike manier om ekstra vrugte te gebruik.

Konfyt word van amper enige vrugte gemaak maar marmalade word in die algemeen van lemoene gemaak. Eksperimenteer egter deur bestanddele by te voeg soos laventel en skep 'n unieke smaak wat jou ontbytroosterbrood sal *opjazz*.

Dis belangrik om te noem dat jy die soort sitrus vir jou marmalade moet kies gebaseer op hoe jy wil hê jou marmalade moet proe. Wil jy hê dit moet skerp en suur op die tong wees of verkies jy 'n nektaragtige stroop?

'n Cara Cara-lemoen is soet en sappig terwyl 'n bitter lemoen wel ... bitter is. Ongeag jou voorkeur, voeg laventel by wanneer dit by die suiker kom. Moenie pektien byvoeg nie, daar is genoeg in die skil. Marmalade gaan grootliks oor tekstuur aangesien daar 'n bietjie skil in elke happie is, en dus is laventelblomme 'n lekker toevoeging.

### Koekversiering

Laventelplante is pragtig. Hulle lok bye en bestuiwers en ons geniet hul voorkoms.

Hulle ruik lekker en het kalmerende eienskappe. Dit maak dus sin om hulle nie net vir geur en fleur te gebruik nie, maar ook as versiering. Laventel is een van die baie soorte eetbare blomme wat jy op jou gebak kan sit.

Dis 'n mooi en opvallende manier om koek te versier. Gebruik die pers en lila van laventel om 'n sponskoek vrolik op te kikker.

Gebruik die hele plant, van die blomme tot die blare en stingel, as jy dit van die koek af gaan verwyder of span die blomknoppies in as jy hulle op die koek wil los. Hierdie is een van die kreatiefste maniere om laventel in jou kos te gebruik, omdat jy jou verbeelding kan gebruik tydens die versieringsproses!

**Lees meer:**

https://www.tastingtable.com/1512587/ways-to-use-lavender-in-cooking/ 15 Creative Ways To Use Lavender In Your Cooking Carmen Varner

https://www.britannica.com/plant/Lamiaceae

https://www.backyardgarden-lover.com/culinary-lavender-varieties/ 7 Best Culinary Lavender Varieties to Grow (And What to Do with Them) Serena Manickam

https://www.allrecipes.com/recipe/8300592/perfect-chicken-piccata/



# Adiabatic Dry-Cooler and Condenser Range

ENERGY EFFICIENCY

BETTER TEMPERATURE CONTROL

BESPOKE DESIGN




COLCOIL
TECHNOLOGIES
HEAT TRANSFER SOLUTIONS

**T** +27 21 907 4222 ▪ **E** Sales6@colcabct.co.za ▪ **www.colcoil.co.za**

PARTNERING WITH PEOPLE TO CREATE EXCEPTIONAL VALUE

# KAROO-SKILDERSTOET

## KLEIN BEGIN
## GROOT GEWIN

deur Tisha Steyn

Tracey Michau het haar eerste 10 Kaapse skilderbokke 10 jaar gelede met geleende geld gekoop.

Sy meen dit was die beste besluit wat sy nog geneem het, want vandag is haar Karoo-skilderbokstoet en kommersiële kudde in sulke groot aanvraag dat sy nouliks kan bybly om gehalte teeldiere aan gretige kliënte te verskaf.


Tracey en haar man, Toby, boer op die plaas Kareekloof en Orange Grove in die omgewing van Cradock in die Kamdeboostreek van die Oos-Kaap – twee titelaktes op dieselfde 3 400 ha grond wat Toby se oupagrootjie, Paul Willem Michau, in 1878 gekoop het.

Sy boer met haar Kaapse skilderbokke, terwyl Toby omsien na die Bonsmaras en Jerseys asook wild soos koedoes en blesbokke. "Dit is 'n vennootskap en ons is daar om mekaar te help as dit nodig is.

"Dit is 'n groot ekstensiewe plaas met hoofsaaklik soetveld, meer geharde grasse en Karoostruike," vertel Tracey. "Die soort veld is uiters geskik vir inheemse veldbokke wat van nature blaarvreters is en floreer op struike eerder as gras."

Die gebied het egter ook sy uitdagings. "Die reënval is onvoorspelbaar en laag met tussen 350 mm en 650 mm per jaar wat gewoonlik gepaardgaan met sporadiese donderstorms in die somer, eerder as deur dringende reën."

Die klimaat is ook tipies Karoo met uiterstes. Somers is droog en baie warm met temperature wat gereeld bo 30 °C styg, terwyl die winter gewoonlik bitter koud is. Ryp is algemeen. "Dis 'n tawwe omgewing, maar ons werk saam met die natuur. Dit is hoekom ons fokus op geharde, goed aangepaste diere wat sonder te veel inmenging onder hierdie omstandighede kan produseer."



Een van die jong ooie wat stoetmateriaal is. (Bron: Karoo Skilder Stud)

## Karoo-skilderbokstoet

Tracey het destyds nege ooie en 'n ram by 'n jong vrou van Murraysburg gekoop met die doel om 'n volhoubare boerdery te skep. Met versigtige seleksie en 'n praktiese benadering, het sy 'n produktiewe stoet gevestig wat goed aangepas is by die omgewing.

"Elke dier in die stoetkudde het 'n doel, hetsy vrugbaarheid, moederinstink, gehardheid en die vermoë om sterk lammers onder ekstensiewe toestande groot te maak.

"Vandag vorm die stoet 'n beduidende deel van ons groter boerdery deur teeldiere van hoogstaande gehalte te lewer wat aan ander boere wat ook taai teeldiere wil hê, verkoop word." Tracey en Toby het ook 'n kommersiële kudde.

## Teling

Volgens Tracey is daar altyd vyf ramme by die stoetooie. "Ek glo aan meer as een teelram – die sterkste ram sal in elk geval meer ooie dek en genetiese verskeidenheid verseker."

Ter wille van nuwe genetika word die ramme elke twee en 'n half jaar vervang, hetsy met hul eie teelramme of ramme wat sy by ander telers koop.

Ramme onder die aanwas wat nie as teelramme geskik is nie, word gekastreer en as kapaters verkoop. Toekomstige teelramme loop saam met die kapaters in 'n kamp.

Die regte teelmateriaal is die sleutel tot sukses. Tracey kies teeldiere met die doel om ooglopende foute en minderwaardige diere uit te skakel. "Teelramme is skaars, maar goeie ramme is nodig vir die kudde se algehele gesondheid, groei en genetiese potensiaal, asook gehardheid en produktiwiteit. Die kudde moet ook sonder medikasie, inenting en aanvullende voer in intensiewe omstandighede kan aanpas. "Ons het nie 'n vasgestelde dektyd nie, maar volg 'n natuurlike teelsiklus met so min as moontlike inmenging. Dit gee die bokke kans om hulle natuurlike voortplantingsritme te volg."

## Lamseisoen

Goeie bestuur tydens lamtyd is die tweede en ewe belangrike sleutel tot sukses, sê Tracey. Tot 80% van die ooie lam twee maal per jaar, naamlik in Mei/Junie en in November, wat goed inpas by die Karoo se toestande. Die oorblywende ooie lam elke agt maande. "Ons mik vir 'n lampersentasie van tussen 150% en 160% met 'n goeie balans tussen enkel- en tweelinglammers, maar sonder om te veel druk op die ooie te plaas. Dit is vir ons belangriker dat die boklammers suksesvol gespeen word en wanneer hulle op drie weke in die veld saam met die ooie begin wei, kan oorleef."


Savannah (9) help graag met die skilderbokke. (Bron: Karoo Skilder Stud)



Die skilderbokke word geteel om sonder te veel aandag aan te pas by die klimaat en veldtoestande. (Bron: Karoo Skilder Stud)

Goeie bestuur tydens die eerste paar dae nadat die ooie gelam het, is kritiek. "Die ooie lam in kampe wat beskut is teen die weer en roofdiere. Daar is 20 ooie in 'n lamkamp sodat ons hulle kan moniteer. Ons maak elke dag seker dat elke boklam gedrink het en dat die ooi genoeg melk het. 'n Oorvol uier of 'n swak lam kan tot verliese lei as 'n mens nie betyds optree nie. Dit is noodsaaklik om heeltyd by te wees.

"Koue en blootstelling word bestuur deur saam met die natuur te werk; beskutte lamkampe bied beskerming teen die wind en slegte weer. Lammers wat van die begin af sterk is, oorleef makliker."

Omdat roofdiere soos jakkalse, rooikatte en bobbejane immer 'n faktor is, word die kudde snags gekraal. Dit verskaf ekstra beskerming vir veral jong diere en speel 'n belangrike rol in die bekamping van verliese.

Die plaas se grensheinings word ook eenkeer 'n week te perd inspekteer ter wille van veiligheid en sekuriteit, en om seker te maak die infrastruktuur word in stand gehou.

Zed, 'n Anatoliese herdershond en Xena, 'n kruising tussen 'n Anatoliese en Kaukasiese herdershond, is altyd by die bokke. Hulle is met GPS-halsbande toegerus sodat Tracey op haar foon kan sien wanneer die honde onrustig raak. Saans wanneer die bokke gekraal word, slaap die honde by hulle.

## Rekordhouding

Noukeurige rekordhouding is die derde belangrike sleutel tot sukses. "Ek hou boek van al die diere in die stoet sodat ek vordering kan dophou, kan bepaal waar ek kan verbeter, en om ingeligte besluite oor teelmateriaal en algehele kuddebestuur te kan neem."

## Bemarking

Volgens Tracey is een van die grootste uitdagings tans om genoeg gehalte teeldiere te lewer om aan die vraag te voldoen.

"Daar was die afgelope paar jaar 'n beduidende verskuiwing na meer boere wat die waarde van 'n boerdery met lae-inset, goed aangepaste diere soos inheemse veldbokke besef. Daar is 'n toenemende vraag na goeie teeldiere en die uitdaging is om 'n balans te vind tussen ons eie kudde se ontwikkeling en om teelmateriaal aan die mark te verskaf."

Tracey se bemarking is gebaseer op geloofwaardigheid, deursigtigheid en ware resultate, eerder as konvensionele bemarking.

Sy bemark deur openlik te deel wat sy doen, veral op Facebook. "Ons lewer daagliks verslag oor wat ons doen. Die deursigtigheid bou geloofwaardigheid en mense kan presies sien hoe die bokke bestuur word en hoe hulle onder die Karoo-omstandighede reageer. Die mense wat ons op Facebook volg, word dikwels ons kliënte.

"Ons maak ook staat op direkte kommunikasie, veral met WhatsApp, om navrae en verkope te hanteer. Dit hou sake persoonlik en doeltreffend.

"Ons het 'n sterk reputasie opgebou deur deurlopend goed aangepaste teeldiere van gehalte te verskaf. Wanneer boere goeie resultate kry van diere wat van ons af kom, laat hulle ons weet en hulle deel hul ervaring met ander. Ons groei is in hierdie bemarking gesetel."

Tracey se Karoo Skilderstoet-



Tracey is passievol oor haar Karoo-skilderstoet, en alles wat sy weet het sy uit ondervinding geleer. (Bron: Karoo Skilder Stud)



Toby Michau en die egpaar se negejarige dogter, Savannah, wat reeds van kleins af saam met die bokke grootword. (Bron: Karoo Skilder Stud

handboek vervul ook 'n ander belangrike rol. Dit is nie net 'n joernaal van haar eie boerdery nie, maar ook 'n bron van praktiese kennis oor die teel van skilderbokke vir boere wat ernstig daaroor is om hul eie stelsels te verbeter.

## Plaas Tracey se leerskool

Tracey het nie op 'n plaas grootgeword nie, maar deur ondervinding geleer. "Ek het die boerdery van niks af opgebou en geleer soos wat ek aangegaan het. My paadjie met landbou het gepaard gegaan met praktiese ondervinding, gedryf deur vasberadenheid, nuuskierigheid en my passie om met diere te werk."

Die Bonsmaras en Jerseys word bemark maar ook vir eie vleis en melk gebruik. Die melk word ook ingespan as voeding vir die lammers. Van die Jersey- en bokmelk maak Tracey kaas. Sy het ook 'n boek geskryf oor die maak van kaas:

***Cheesemaking: The Ultimate Guide for the Self-Sufficient Homesteader: Artisanal Cheesemaking Made Simple!***

Die paartjie se dogter, Savannah (9), is net so lief vir die bokke en sy is elke dag besig met haar eie takies. Toby se twee volwasse seuns, Paul en Brett, is onderskeidelik bestuurder by een van die grootste varkboerderye in die land, en 'n kardiopulmonêre chirurg. Haar eie volwasse seun, Connor, is in IT.

Volgens haar was haar beste leer-ervaring die praktiese ondervinding op die plaas. "Om in die Karoo te boer leer jou veerkragtigheid, geduld en die vermoë om aan te pas – dit is 'n volgehoue leerproses.



**Een van die vyf ramme wat by die Kaoo-skilderstoetooie loop. Goeie ramme is skaars en Tracey moet mooi uitsoek wanneer sy die ramme elke twee en 'n half jaar vervang. (Bron: Karoo Skilder Stud)**

"Ons boerdery is 'n familiepoging, al is nie al ons kinders direk dag tot dag betrokke nie. Dit is 'n vennootskap waarin ons mekaar ondersteun, wat belangrik is in 'n boerderystelsel soos ons s'n," sê Tracey.

"Wat as 'n droom en 'n stokperdjie begin het, het gou ontwikkel tot 'n ernstige, winsgewende onderneming. Uit die staanspoor was my fokus om 'n kudde van goed aangepaste, inheemse veldbokke te bou wat nie baie insette verg nie en onder ware Karoo-toestande kan floreer."

## Veiling

Haar bokke kom nooit naby 'n veilingskraal nie, sê Tracey. "Die vraag na ons teelmateriaal is reeds so sterk en buiten dat dit tyd verg om veilings by te woon, neem dit my weg van my boerdery. Ek verkoop direk aan kopers wat ons in staat stel om goeie verhoudings met hulle te bou en seker te maak die regte diere gaan na die regte stelsels."



**Elke dier in die stoetkudde het 'n doel, hetsy vrugbaarheid, moederinstink, gehardheid en die vermoë om sterk lammers onder ekstensiewe toestande groot te maak. (Bron: Karoo Skilder Stud)**

## Bêrekoop-opsie

Die informele markvraag na bokke wat aan spesifieke kulturele of velpatrone voldoen, is ook beduidend en van die bokke word uit die hand verkoop. "Die vleis is gesog omdat dit 'n besondere smaak het en gesond is."

Om boerdery met die bokke meer toeganklik te maak, bied sy 'n ses maande bêrekoop-opsie. "Ek het self nie met baie kapitaal begin nie, so ek verstaan hoe belangrik dit is om geleenthede vir nuwe en opkomende boere te skep om tot die bedryf toe te tree."

Omdat hulle 'n geslote kudde het en geen nuwe diere sedert die uitbreking van bek-en-klouseer ingebring het nie, het die siekte byna geen invloed op haar boerdery gehad nie. "As ek nuwe genetika wil inbring, sal dit onder streng kwarantynprotokol geskied."

Volgens haar is daar toenemende belangstelling buite landsgrense. " 'n Koper van Zimbabwe het al bokke deur die bêrekoop-opsie bekom, en ons hou daardie diere terug totdat bewegingsbeheer ons toelaat om weer diere uit te voer."

Tracey het vroeg al by die Inheemse Veldboktelersgenootskap aangesluit en vind baat by inligting oor teelpraktyke en kuddebestuur ter wille van die behoud en ontwikkeling van die ras.

Biologiese bestuur van indringerplante word sonder skadelike chemikalieë gedoen, terwyl bosluisbeheer deur renostervoëls – wat nie deur die biologiese bestuur beïnvloed word nie, gedoen word.



**Rekordhouding is uiters belangrik om te verseker dat daar vooruit geboer word. (Bron: Karoo Skilder Stud)**

**Kontak Tracey Michau by 083-286-5222 of per e-pos by traceymichau@gmail.com of besoek die Facebook-blad Karoo Skilder Stud.**

# BUILD SMARTER.
# GROW BETTER.

Upgrade your agricultural and industrial spaces with high-performance polyurethane panels — the foundation of modern controlled environment farming.






Superior thermal insulation

Energy-efficient & cost-saving

Hygienic, easy-to-clean surfaces

Fast installation & long-lasting durability

Whether you're setting up a hydroponic farm, cold room, or climate-controlled greenhouse, our panels help you maintain the perfect conditions for maximum yield and quality.

**CONTACT US TODAY FOR CUSTOM SOLUTIONS TAILORED TO YOUR FARMING OR STORAGE NEEDS.**

**Glacier**
*OPENS YOUR WORLD*

Sales2@glacierdoors.co.za +27 11 613 8120 **www.glacierdoors.co.za**

**in motion**










## 68 YEARS OF KEEPING THE AGRICULTURAL INDUSTRY IN MOTION.

### YOUR AGRI-SMART SOLUTIONS PROVIDER FOR:

- Bearings for combined Harvesters, Planters, Balers, Tractors, Spreaders & Hammer Mills.
- Chains and Accessories for major Combine-Harvester brands such as John Deere, CLAAS, Case, Clayson, Fahr, Laverda, Massey Ferguson and Slattery.
- Sprockets for most Agricultural Implements.
- Standard V-Pulleys with Adapter Sleeve Bosses and Axle Couplings.
- Gearboxes for Slashers & Cutters, Production Equipment as well as other agricultural implements.
- Food Grade Lubrications for Packing Houses.
- Power Take-Off (PTO) Shafts.
- Electric Motors and Variables Speed Drives (VSD's).

**www.bearings.co.za | +27 11 899 0000 | info@bearings.co.za | 24-HR HOTLINE: 083 250 9191 for all emergencies**
Visit us online for full branch and brand listings. We're open from 8am to 4:30pm, Monday to Friday.

68 YEARS in motion

BBBEE LEVEL 3 CONTRIBUTOR ISO 9001 Certified

a member of the Hudaco group


STPP
2mm material thickness
R1 750 excl vat
CATTLE BALE RING
SHEEP & CATTLE BALE RINGS
R990 excl vat
SHEEP BALE RING
WE DELIVER NATIONWIDE!
Bloempark 2, Vanderbijlpark AH, Gauteng, 1911. | www.steeltubeprofiles.co.za
+27 665 568 616 I +27 728 794 871 I +27 100 230 786 | Email: sales@steeltubeprofiles.co.za


+27 72 333 1051
KANNA
Build to imPRESS
Wolperse
Recycle perse
Skaap conveyors
Baalhantering
Boordskrapers
EN
MEER...
www.kannaindustries.co.za
+2772 333 1051
WhatsApp
willa@kannaindustries.co.za


NAMPO
Is om die draai, kom loer in by ons op Standplaas F32
ALGAR IND BK
Veehanteringstoerusting
Livestock Handling Equipment
www.algar.co.za
082 324 6256
algar@algar.co.za

RAINBOW RESERVOIRS

# Holding Africa's Water **30 Countries** and Counting







- MINING
- AGRICULTURE
- INDUSTRY
- FOOD & BEVERAGE
- MUNICIPAL
- FIRE FIGHTING

- High corrosion resistance
- Cost effective
- On-site assembly
- Tough and durable
- Low maintenance
- 5kL to 4000kL
- Steel-domed roofs or open-top tanks
- Human consumption/ food grade certified
- Tanks < 350kL require no concrete foundation

www.rainbowtanks.co.za

sales@rainbowres.com


+27 (0)11 965 6016

LISTED AND APPROVED SUPPLIER ASIB

South Africa

WISA Water Institute of Southern Africa

FIRE PROTECTION ASSOCIATION OF SOUTHERN AFRICA


Agri4all.com
NOT THE MATCH YOU
WERE LOOKING FOR?
It's a match!
Annetjie 27
WE GET TO KNOW YOUR BUSINESS SO THAT WE CAN OFFER YOU, YOUR PERFECT MATCH IN AGRICULTURAL PRODUCTS.
diane@proagri.co.za
082 555 6866
www.agri4all.com


MEET THE NEXT GENERATION OF
LIVESTOCK CLIPPING
THE NEW
WAHL KM10+
We've taken a proven performer and made it even better. The Wahl KM10+ is designed to deliver superior results, greater comfort, and reliability you can count on – day in, day out.
ULTRA-QUIET
Powerful performance with less noise.
LIGHTWEIGHT
Ergonomic design for all-day comfort.
GERMAN PRECISION
High-quality blades for a smooth, clean cut.
ENHANCED DURABILITY
Built tougher for the rigours of farming.
WAHL
KM10+
Dry ICE 4 FARMING
078 164 1712
www.dryice.co.za

# Ons help boere graag om hul ondernemings te optimiseer



## Besoek ons van 12 tot 15 Mei 2026 tydens NAMPO Bothaville, by standplaas 18, 19 & 20 in die TotalEnergies-saal.

**Kom vind uit hoe ons jou besigheidseenheid kan optimiseer met:**

- Smeermiddels, brandstof en vlootkaartoplossings vir beter prestasie en doeltreffendheid.
- Gas, sonkrag en biobrandstof vir betroubare, volhoubare energie.

TotalEnergies

Vir meer inligting, besoek **totalenergies.co.za.**

PIONEER®

100 JAAR

*Ons Vier Een Honderd Jaar*

# PIONEER MIELIESAAD - 100 JAAR SE ERVARING INGESLUIT.

## BOERDERYSUKSES KOM NIE OORNAG NIE. TEGNOLOGIESE VORDERING OOK NIE.

Ons eeu-lange ervaring het bygedra daartoe dat ons mieliekultivars spesifiek geteel is met plaaslike produsente in gedagte - die regte produk vir die regte hektaar.

Maak staat op Pioneer-mieliesaad om te verseker dat jy voordeel uit 100 jaar se ervaring trek.

## SKANDEER DIE QR-KODE VIR MEER INLIGTING.




CORTEVA™ agriscience

™ ® Handelsmerke en diensmerke van Corteva Agriscience en sy geaffilieerde maatskappye en geregistreerde lisensiehouers. © 2025 Corteva.